

Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging aan die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog-Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en steun die Departement se beleid ten opsigte van additiewe tweetaligheid.

Kinders begin hul addisionele taal, Afrikaans, in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog-Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.

Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag, om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 3 en later te lees en te skryf.

Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en verg dat leerders 'n spesiale taalstyl vir leerdoeleindes moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltekste lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekeninge maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, eksamen skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.

Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die vaardighede aan te leer wat hulle in die grondslag en intermediêre fase nodig sal kry. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net soveel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.

Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.

Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*

Rainbow WORKBOOKS

FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS GRADE 4 – TERM 1 - 2

ISBN 978-1-4315-0686-6

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

Graad 4

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 1
Kwartaal 1-2





Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS

AFRIKAANS

First Additional Language

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0686-6

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.





Graad 4

Eerste Addisionele Taal

AFRIKAANS

Kwartaal 1 & 2



Hierdie boek behoort aan:

1

Welkom terug by die skool

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons lees

Welkom terug!

Die klok lui. Vandag is die 10de Januarie, en die kinders is baie opgewonde omdat hulle terug by die skool is.

"Welkom terug," sê mevrou Smith.

"Kom ons kyk na die tydrooster teen die muur sodat julle julle naskoolse aktiwiteite kan kies," sê sy.

Tydrooster

Dag	Tyd	Aktiwiteit	Plek
Maandag	14:00	Netbal	Netbalbaan
	14:30	Sokker	Sokkerveld
Dinsdag	13:30	Kooroefening	Skoolsaal
	13:30	Noodhulp-opleiding	Skoolsaal
Woensdag	14:00	Sokker	Sokkerveld
	15:00	Dramaklub	Skoolsaal
Donderdag	14:00	Netbal	Netbalbaan
	15:00	Tuinbouklub	Tuin
Vrydag	14:00	Swem	Munisipale swembad
	14:00	Atletiek	Sokkerveld



Ons skryf

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek neer te skryf.

skool	skeur	druk	sjoe	geut
goed	kleur	drom	klas	daling
boek	deur	deur	masjien	kraai

WOORDBOKS

- kan
- keel
- kerk
- kort

Sigwoorde



Ons lees

Lees die storie en die tydrooster en beantwoord die volgende vrae:

In watter graad is die kinders nou?

Watter plakkate kan jy teen die klaskamer se muur sien?

Watter sport kan jy Maandae speel?

Wanneer vergader die tuinbouklub?

Kan jy in die koor sing en ook noodhulp doen? Waarom? Waarom nie?

Watter aktiwiteit gebeur buite die skool?

Wanneer vind meer as een aktiwiteit gelyk in die skoolsaal plaas?



2

Na skool

DATUM



Ons praat

Gesels met jou maat oor die sport en speletjies waarvan jy hou.



Ons skryf

Vul die tydrooster in om te wys wat jy na skool doen.

Tydrooster

Dag	Tyd	Aktiwiteit	Plek
Maandag			
Dinsdag			
Woensdag			
Donderdag			
Vrydag			



Vir die pret

Maak nou 'n plakkaat om een van die aktiwiteite wat jy na skool doen, te adverteer. Gee al die belangrike inligting, insluitende wanneer, waar en hoe laat.











Voltooi nou hierdie kaart oor jouself. Onthou om hoofletters vir die eiename te gebruik.

My naam is	
Ek is in Graad _____	Ek is _____ jaar oud.
Die naam van my skool is	
My maat se naam is	
My gunstelingsport is	
My gunstelingboek is	
Ek woon in	
My verjaarsdag is in	

WOORDBOKS

- rol
- rond
- rokke
- romp

Sigwoorde





Ons skryf

Skryf 'n paragraaf oor jouself, wat jy na skool doen, waarvan jy hou en wie jou maats is.



Ons skryf

Kyk aandagtig na al hierdie naamwoorde. Onderstreep dan die eiename en gee hulle hoofletters.

Naamwoorde is woorde wat vir dinge name gee. Eiename is die name van mense of plekke. Hulle begin altyd met hoofletters.

onderwyser	fiets	skoene	kaapstad
sokkies	april	anton	Dinsdag
polokwane	strand	januarie	durban
huis	sondag	bus	mevrou smit

Onderwyser:
Teken:
Datum:

3

Ons besige week

DATUM

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Het jy al ooit 'n rekenaar gesien? Weet jy wat 'n e-pos is?

Ons praat



Ons skryf

Lees die e-pos wat Brenda geskryf het en beantwoord die volgende vrae.

Op watter datum is Mandu se verjaarsdag?

Met watter sport is Mandu goed, maar Brenda nie?

Op watter datum en hoe laat het Brenda die e-pos aan Anita gestuur?

Ons lees

Ons gebruik rekenaars om e-posbriewe te stuur. Lees hierdie e-pos en beantwoord die vrae.

Aan	Anita@school.com		
Van	Brenda@Digital.org	11 Maart 2012	15:14

Liewe Anita

Ons is nou terug by die skool en in Graad 4. Ons is baie gelukkig wat ons het 'n Digital Doorway-rekenaar by ons skool en ons kan e-posbriewe stuur.

Ek het 'n nuwe beste maat by die skool. Haar naam is Mandu. Sy is 9 jaar oud en haar verjaarsdag is een dag na myne. Ek sal op die 21ste Junie 10 jaar oud word.

Ons het baie aktiwiteite by ons skool. Maandae speel ek netbal. Mandu speel ook netbal. Dinsdae sing Mandu in die koor en ek doen dan noodhulp-opleiding. Noodhulp is baie belangrik, ingeval iemand seerkry. My onderwyser sê dat jy selfs 'n lewe kan red as jy noodhulp leer.

Elke Woensdag gaan ek en Mandu dramaklub toe. Ons gaan 'n skoolkonsert hê. In hierdie konsert sal Mandu 'n muis wees, en ek 'n kat.

Donderdae gaan ons albei tuinbouklub toe. Ons hou daarvan om in die tuin te werk. Ons plant tamaties en aartappels.

Vrydae doen Mandu atletiek. Sy is 'n goeie atleet. Ek is nie so goed met atletiek nie, so ek gaan huis toe en doen my huiswerk.

Ek hoop jy kan binnekort kom kuier.

Stuur

Liefde van Brenda

WOORDBOKS

- daar
- skaap
- boot
- skoor

Sigwoorde



Ons praat

Lees weer die e-pos aandagtig saam met jou maat deur. Gesels oor watter aktiwiteite Brenda en Mandu elke dag doen. Gesels oor wat hulle saam doen en wat hulle apart doen.

Ons skryf

Vul nou hulle aktiwiteite onder hulle name in.

Tydrooster

	Brenda	Mandu
Maandag	Netbal	Netbal
Dinsdag		
Woensdag		
Donderdag		
Vrydag		

Onderwyser:
Teken:
Datum:

4

Stuur 'n e-pos

DATUM



Ons skryf

Skryf 'n e-pos aan 'n maat waarin jy hom of haar vertel van al die dinge wat jy doen.

Aan

Van

Stuur



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Luister na hoe die i-klanke in die blou raampies verskil van die ie-klanke in die pienk raampies. Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek neer te skryf.

blits	vlies	stik	wil
gil	siel	mis	mier
lis	nies	bier	gif



NUWE WOORDE

Omkring die korrekte woord in elke sin.

"Hier lê iemand!" gil/gul Brenda.

Hy dra 'n mis/mus om sy kop warm te hou.

Ek stik/stuk vir my 'n rok op die naaimasjien.

Ek is lis/lus vir roomys.





Vir die pret

Doen hierdie woordsomme. Verbind die 2 naamwoorde om saamgestelde woorde te vorm.



reën + boog = reënboog



maan + lig =



sneeu + man =





ster + vis =



goud + vis =



boom + huis =



jellie + vis =



grond + pad =



boek + rak =



reën + jas =



padda + visse =



Onderwyser:

Teken:

Datum:





5

Mandu se atletiekskoene

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en vertel vir jou maat waaroor jy dink die storie handel. Hoe dink jy voel die meisie by die wenstreep?

Mandu is in Graad 4 in Groenland-laerskool in Durban. Sy is 'n uitstekende atleet en oefen elke dag. Die kinders terg haar altyd omdat sy nie atletiekskoene het nie. Sy wens só dat sy atletiekskoene kan hê, want haar voete raak baie seer, veral wanneer die grond warm is. Sy haat dit ook as die kinders vir haar lag.

Een Saterdag vat Mandu al die geld wat sy gespaar het en gaan na die sportwinkel in die dorp toe. Sy kyk na die atletiekskoene, maar sy voel sommer baie hartseer, omdat sy nie genoeg geld het om dit te koop nie.

Mev. Masondo, die eienaar van die winkel, sien die hartseer in Mandu se oë.

"As jy die resies wen, sal ek vir jou die atletiekskoene verniet gee," sê sy. "Maar as jy nie wen nie, sal jy daarvoor moet betaal," voeg sy met 'n glimlag by.

"O mevrou, baie, baie dankie! Ek sal elke dag oefen en seker maak dat ek wen," sê Mandu dankbaar.

Ons lees

En dit is presies wat Mandu toe doen. Sy hardloop en hardloop totdat haar bene pyn. "Ek moet aanhou oefen," sê sy vir haarself. "Ek moet nie opgee nie!"

Die groot dag breek aan en Mandu is baie senuweeagtig. Haar hart klop in haar keel toe sy na die wegspringplek toe stap. Maar toe sy eers begin hardloop, vergeet sy hoe bang sy is.

Sy hardloop soos die wind en steek die wenstreep lank voor die ander deelnemers oor.

"Ek het gewen! Ek het gewen!" skree sy opgewonde terwyl sy na die towerskoene aan haar voete kyk, wat nou aan haar behoort.

Gebaseer op 'n kortverhaal gepubliseer in *Stories that talk* van die Departement van Basiese Onderwys en *Heartlines*.





Ons skryf

Beantwoord die volgende vrae.

WOORDBOKS

- sien
- sing
- strik
- skielik

Sigwoorde

Waaroor handel die storie?
Wat het sy gehad wat spesiaal is?

Omkring die letter langs die korrekte antwoord. As jy nie seker is wat die antwoorde is nie, gaan terug en lees weer die storie.			
Wat vertel hierdie sin ons omtrent Mandu? "Sy hardloop en hardloop totdat haar bene pyn."		Waarom sê Mandu dat haar skoene towerskoene is?	
A	Dat haar bene seer is.	A	Hulle het haar aangemoedig om te oefen.
B	Dat sy nooit sal opgee nie.	B	Hulle was 'n geskenk.
C	Dat sy skoene nodig het om te hardloop.	C	Haar voete is nie meer seer nie.

Nommer die sinne van 1 tot 5 om die korrekte volgorde te wys waarin dinge in die storie gebeur het.	
	Mev. Masondo gee vir Mandu atletiekskoene.
	Mandu het nie genoeg geld om atletiekskoene te koop nie.
	Mandu wens dat sy atletiekskoene het.
	Mandu gaan dorp toe om atletiekskoene te koop.
	Mandu wen die resies.

Vind woorde in die eerste paragraaf wat die volgende beteken:	
baie goed	
hou niks van nie	



Onderwyser:

Teken:

Datum:

6 Mandu se storie

DATUM

Jy het sopas die storie oor Mandu se atletiekskoene gelees. Gesels met jou maat oor wat die omslag van die boek vir ons vertel.

Ons praat



Ons skryf

'n Storie oor 'n meisie wat nie skoene het nie. 'n Geskenk van 'n gawe winkeleienaar moedig Mandu aan om te wen. Die boodskap van die boek is dat 'n mens moet aanhou probeer en nie opgee nie.



Naam van boek	
Outeur	
Hoofkarakters	
Uitgewer	
Wat gebeur in die storie?	

Ons doen

Maak 'n gelukwensingskaartjie vir iemand wat sukses met iets behaal het. Skryf 'n spesiale boodskap voor op die kaartjie. Skryf dan binne-in 'n boodskap vir jou maat.



Ons skryf

Skryf 'n dagboekinskrywing vir 'n dag toe jy baie suksesvol was.

Liewe Dagboek

Datum

Onderwyser:

Teken:

Datum:

7

Lees 'n advertensie

DATUM

Ons lees



Advertensies probeer ons oortuig om iets te doen of op 'n sekere manier te dink. As hulle wil hê ons moet iets koop, beloof hulle soms dinge wat nie moontlik of feitelik korrek is nie.

Ons skryf Beantwoord die volgende vrae.

Wat wil die advertensie hê moet ons doen?

Waarom dink jy word die hardloopskoene VLERKE genoem?

Dink jy die skoene kan enigiemand vinniger laat hardloop?

Wat dink jy beteken die sin "Jy het nie spiere nodig nie, jy het VLERKE nodig!"?



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek neer te skryf.

skud	skut	skiet	bied	skat	bad
grot	glad	strik	wil	wiel	mielie
skend	sand	brood	groot	vloed	groet

WOORDBOKS

- spring
- slang
- sing
- string

Sigwoorde

Ons skryf

Vul die aanhalingstekens in om te wys wat elke persoon sê.

Jy kan die skoene verniet kry, sê mev. Masondo.

Mandu, jy moet elke dag oefen, sê die afrigter.

Jy moet nooit opgee nie, sê Mandu vir haar maats.

Mandu skree, ek het gewen!

Ek hoop ek wen die resies, sê Mandu vir mev. Masondo.



Wat is feit en wat is mening?
Merk die korrekte raampie.

	Feit	Mening
VLERKE-skoene kan jou vinniger laat hardloop.		
Fietse het 2 wiele.		
Mense het 2 bene en 2 arms.		
Almal hou daarvan om vis te eet.		
Suid-Afrika is aan die onderpunt van Afrika.		
Almal hou van honde as troeteldiere.		
Almal wil VLERKE-skoene hê.		

Ons doen

Dink jou eie advertensie uit om iets te verkoop.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

8

Dinge wat ons doen

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en vertel vir jou maat wat jy oor spiere weet.



Ons lees

Hoe beweeg ons?

Ons het almal spiere onder ons vel. Ons spiere maak dit vir ons moontlik om te beweeg. Hulle is aan ons bene vasgeheg. Ons spiere beweeg deur korter of langer te word. Mense wat aan sport deelneem, het dikwels sterk spiere. Ons spiere raak groter en sterker as ons oefen. Wanneer ons iets swaars optel, beweeg die spiere in ons bo-arms en word korter. Ons spiere maak dit vir ons moontlik om te hardloop of 'n bal te skop. Ons het ook spiere in ons bors. Hulle help ons om asem te haal. Ons het ook spiere in ons gesig. Wanneer ons glimlag, gebruik ons 15 gesigspiere.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Is hierdie artikel feit of mening? Waarom?
Hoeveel spiere gebruik ons om te glimlag?
Waaraan is ons spiere vasgeheg?



Ons skryf

Omkring die woorde wat na meer as een persoon verwys.

Ek	ons	my	hulle	hy	
	sy	jy	hom	haar	syne
ons s'n	joune	myne	hulle	haar	

Omkring nou die korrekte woord.

Die honde blaf/blav in die tuin.	Die kinders/kinners ry fiets.
Sy hardloop met haar nuwe skoens/skoen.	Mandu het twee sussies/sissies wat aan atletiek deelneem.
Hy lees graag tydskrifte/tuidskrifte.	Mevrou Masondo is gaaf/gaav.

Ons gebruik nooit 'n -v aan die einde van 'n woord nie, bv. braaf; woef en nie braav, woev nie.

Vir die pret

Gesels oor hierdie prentjies en trek dan 'n streep van die woord na die korrekte prentjie toe.









onderstebo

agterstevoor

halsoorkop

vorentoe

agtertoe

ondertoe

boontoe

binnestebuite









Onderwyser:

Teken:

Datum:

9

Beste maats tot die redding

DATUM

Kyk na die koerant en gesels daaroor. Wat vertel die opskrif ons? Wat vertel die prentjie ons oor die artikel?

Ons praat

DIE DAG SE NUUS

20 Maart 2012

Skoolmeisies red seun se lewe



Twee 9-jarige skoolmeisies van Groenland-laerskool het gister 'n 6-jarige seun wat uit 'n boom geval het, gered.

Brenda Smit en haar maat, Mandu Shabalala, was op pad huis toe van hul noodhulpklas by Groenland-laerskool. Hulle het afgekom op Bennie Basson, wat uit 'n boom geval het toe hy daarin geklim het om vrugte te pluk. Die meisies het hom te hulp gesnel. Bennie het sy kop gestamp en was bewusteloos. Hy het ook sy arm gesny en kon doodgebloei het as die twee meisies nie die bloeding gestop het nie. Die meisies het 'n ambulans ontbied en daarin geslaag om Bennie se bloeding te stop. Bennie is baie gelukkig dat die twee meisies juis op pad huis toe was ná hul noodhulpklas en dus hul noodhulpkissies by hulle gehad het. Hulle het ook handskoene daarin gehad om hulle te beskerm teen moontlike MIV-infeksie uit iemand anders se bloed. Hulle het Bennie se wond verbind voordat die ambulans opgedaag het. Mnr. Twala, die skoolhoof, sal by Vrydag se saalopening 'n toekenning aan die twee meisies oorhandig. Sluit nou by die Rooikruis aan. Gebruik jou plaaslike telefoongids om die nommer vir jou provinsie te vind.

Ons skryf

Lees die koerantberig weer en beantwoord dan hierdie vrae.

WOORDBOKS

Sigwoorde

Wat is die naam van die koerant?	
Wie het die artikel geskryf?	
Op watter datum het Bennie uit die boom uitgeval? (Werk dit uit op grond van die storie.)	
Waarom moes die meisies handskoene gebruik?	
Waarom was Bennie gelukkig dat die meisies juis op pad terug was van hulle noodhulpklas af?	

Ons skryf

Lees die woorde en let op hoe die konsonante (medeklinkers) verdubbel. Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

sukkel	vakke	bulle	grotte	vlakke	blikke
baddens	rotte	katte	Skotte	skoppe	grappe
heldinne	poppe	makker	messe		

Dink jy die meisies is heldinne? Wie is jou held of heldin? Skryf 'n kort paragraaf oor hom of haar.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

10

Skryf 'n koerantberig

DATUM



Ons praat

Gesels met jou maats oor wie hulle helde of heldinne is. Skryf die inligting in hierdie tabel. Ons het 'n vir jou 'n voorbeeld gedoen.

Naam van maat	Thandi				
Jou maat se held/heldin	Anna Matlou				
Waarom?	Sy het die Afrika-sokker-toekenning gewen.				



Ons skryf

Jy gaan nou 'n koerantberig skryf. Waaroor wil jy graag skryf? Gebruik hierdie geheuekaart om jou te help om jou berig te beplan.













Ons skryf

NUWE WOORDE

Gebruik nou jou geheuekaart om jou te help om jou koerantberig te skryf. Gee jou koerant 'n naam en dink 'n opskrif vir jou berig uit. Teken 'n prentjie om jou berig te illustreer.



Naam van koerant Datum

Opskrif

Onderwyser:
Teken:
Datum:

11

Wat ons by noodhulp geleer het

DATUM

Is daar noodhulpklasse naby waar jy woon? Ken jy enigiemand wat noodhulpklasse bywoon? Kyk na die prentjies en sê waaroor hierdie pamflette handel. Lees elke pamflet en vertel jou maat wat elke pamflet sê jy moet doen.

Ons praat

Ons lees



Hoe om snywonde te behandel

- Stop die bloeding deur die wond tot bo die hart se vlak op te lig.
- Plaas 'n verband oor die wond.
- Moet nooit aan iemand anders se bloed raak nie. Dra altyd handskoene as jy iemand help wat 'n oop wond het.
- Gaan sien 'n dokter as die wond diep is en aanhou bloei.



Hoe om brandwonde te behandel

- Hou die wond minstens 10 minute lank onder koue water. Dit help om die vel af te koel.
- Moenie enige klere wat aan die vel vassit, verwyder nie.
- Plaas 'n skoon verband op die brandwond om dit skoon te hou.
- Gaan sien onmiddellik 'n dokter as die brandwond diep of groter as jou handpalm is.



Hoe om neusbloeding te stop

- Sit met jou kop onderstebo.
- Knyp jou neus 5 minute lank toe en haal deur jou mond asem.
- Sit iets kouds agterop jou nek.
- Moenie jou neus blaas nadat die bloeding gestop het nie.
- Besoek 'n dokter as die bloeding na 15 minute nog nie gestop het nie.





Ons skryf

Onderstreep al die werkwoorde in die pamflet. Onthou: werkwoorde vertel jou meer oor aksie. Hulle is doenwoorde.

Skryf nou die verlede tyd van elke werkwoord neer. Skryf dan 5 sinne in jou oefeningboek deur die werkwoorde in hul verlede tyd te gebruik.

Die meeste werkwoorde kan na die verlede tyd verander word deur ge- by te voeg. Maar sommige werkwoorde kry nie 'n ge- nie, net "het" saam met die werkwoord in sy teenwoordige tyd, bv. bedoel - het bedoel. Soms word die werkwoord geskei en die -ge tussen die twee dele van die werkwoord gebruik, bv. indruk - ingedruk. Onreëlmatige werkwoorde het 'n spesiale vorm in die verlede tyd en kan heeltemal verander, bv. is - was.

spring	gespring
druk	
lig	
raak	
help	
bedek	
druk	
was	

blaas	
sit	
sien	
dra	
vassit	
haal	
drink	
hou	

Lys van noodtelefoonnommers

Vind die belangrike telefoonnommers en vul dit dan hieronder in.



Polisie	
Brandweer	
Ambulans	
Noodnommer	10111

12

Kom ons kyk na taal

DATUM

_____

Die woorde **die** of '**n** word lidwoorde genoem. **Die** is die bepaalde lidwoord (omdat dit verwys na 'n bepaalde ding, soos "die boek op die tafel" die lidwoord '**n** word die onbepaalde lidwoord genoem ('n boek is enige boek).



Ons skryf

Vul **ek, my, myne, hy, syne, hare** en **ons** in om die volgende sinne te voltooi.

Dit is my boeke. Die boeke behoort aan_____.

Dit is Pieter se hond. Die hond is _____.

Ek en Pumla gaan speel. _____ gaan park toe.

Sipho woon in die dorp. _____ bly by sy ouma.

Ek koop roomys. Die roomys is _____

Debbie koop 'n nuwe CD. Die CD is _____.



Ons skryf

Skryf dit wat hulle gesê het in die direkte rede oor deur die korrekte leestekens en aanhalingstekens te gebruik.

Brenda



Mandu, kyk daardie seun is beseer!

Brenda sê, "Mandu, kyk daardie seun is beseer."

Mandu



Ons is gelukkig dat ons ons noodhulpkissies het.

Mandu sê, "

_____

Skoolhoof



Ons sal aan die meisies 'n toekenning vir dapperheid gee.

Die skoolhoof sê: "

_____



Ons skryf

Vul nou die aanhalingstekens in die volgende sinne in om die presiese woorde wat gesê word, aan te dui. Ons noem dit direkte rede. Skryf dan in die spasie onder elke sin die indirekte rede neer. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

WOORDBOKS

slaap

soos

braai

graan

Sigwoorde

"Kinders moet altyd kyk voordat hulle die straat oorsteek," sê die verkeersbeampte.

Die verkeersbeampte het gesê dat kinders altyd moet kyk voordat hulle die straat oorsteek.

As jy iemand help wat bloei, moet jy altyd handskoene dra, sê die verpleegster.

Ek leer noodhulp by my skool, sê Brenda trots.

As jy noodhulp leer, kan jy selfs 'n lewe red, sê Mandu.

Ek is so dankbaar dat jy my gehelp het toe ek uit die boom geval het, sê Bennie, terwyl hy sy hande klap.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan enige 5 van hierdie woorde en skryf jou eie sinne in jou oefeningboek neer.

gehaal	gekyk	gesug	gelê	gehoor
gewoon	gehardloop	gepraat	geplaas	geleer
gewas	gesien	geslaap	gesit	gehuil

Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links.

sê	ween
huil	meer
spring	vertel
slaap	trek
dam	dut
sleep	hop





Onderwyser:

Teken:

Datum:

13

Waarom Mapula nie skool toe gekom het nie

DATUM

Ons lees

Lees die storie wat deur Mapula se 11-jarige maat geskryf is. Sy verduidelik in haar storie waarom Mapula vandag nie by die skool was nie.



Begin van die storie

Mapula het nie vandag skool toe gekom nie. Daar was 'n groot brand by haar huis. Mapula se gesin gebruik paraffien by die huis om te kook. Hulle het 'n **rooi** paraffienstoof. Mapula het 'n **jong** boetie, Thami, wat nooit vir enigiemand luister nie. Gisteraand het Thami met die stoof gespeel, al het hy geweet hy mag dit nie doen nie. Hy het ook vuurhoutjies wat iemand laat rondlê het, in die hande gekry.



Die seuntjie het die stoof aangesteek en toe, in sy opgewondenheid, die stoof op die mat omgestamp. Sommer gou was die **klein** vertrek aan die brand.

Middel van die storie

Gelukkig vir Thami het Mapula die **klein** seuntjie uit die huis uit gedra. Sy het die **gawe** bure gevra om die brandweer te bel. Hulle het gou opgedaag en hul **lang** brandslange gebruik om die brand te blus. Die hele huis was vinnig vol water en rook.

Die brand is gelukkig geblus voordat Mapula se **kwaai** ouers by die huis gekom het. Alles in die vertrek het stukkend gebrand en Mapula was baie hartseer omdat haar **mooiste** pop en haar **pragtige** werkboeke ook verbrand het.

Einde van die storie

Mapula het vandag haar ma gehelp om hulle huis skoon te maak. Sy het al die **nat** komberse en gordyne in die son gehang om droog te word. Thami is intussen kleuterskool toe gestuur sodat hy uit die moeilikheid kan bly. Mapula sal môre weer terug skool toe gaan. Haar ma sal vir haar 'n **nuwe** skooltas koop.

Ons skryf

Lees weer die storie en beantwoord dan die volgende vrae.

WOORDBOKS

- begin
- stop
- neem
- vertel

Sigwoorde

Wie het die brand begin?

Hoe het die brand begin?

Lys drie dinge wat Mapula gedoen het wat wys dat sy vinnig kan dink en reageer.



Nommer nou die sinne van 1 tot 5 om die korrekte volgorde waarin dinge in die storie gebeur het, aan te dui.

	Mapula het Thami uit die kamer uitgedra.
	Die hele vertrek het begin brand.
	Thami het die paraffienstoof in die hande gekry en dit aangesteek.
	Die brandweer het die brand geblus.
	Die volgende dag moes Mapula en haar ma die huis skoonmaak.

Ons skryf

Vind al die byvoeglike naamwoorde wat in rooi in die storie geskryf is. Skryf hulle in die tabel neer, en skryf ná elke byvoeglike naamwoord die selfstandige naamwoord neer wat dit beskryf. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Byvoeglike naamwoord	Selfstandige naamwoord wat dit beskryf
rooi	stoof

Byvoeglike naamwoord	Selfstandige naamwoord wat dit beskryf

Onderwyser:

Teken:

Datum:

14 Ná die brand

DATUM



Ons rolspeel

Werk saam met jou maats om 'n rolspel uit te dink oor wat by Mapula se huis gebeur het. Julle rolspel moet wys dat Mapula 'n heldin is.



Ons skryf

Vul die geheuekaart in om te wys wat in die storie gebeur het. Die storie het 'n begin, 'n middel en 'n einde.



Die brand by Mapula se huis

Wie was betrokke?

Wat het gebeur?

Wie het gehelp?

Wat kan ons uit hierdie storie leer?



Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om 'n beskrywing te skryf van wat daardie aand gebeur het. Skryf dit in die verlede tyd.



Ons skryf

Werk saam met jou maats om 'n rolspel uit te dink oor wat by Mapula se huis gebeur het. Julle rolspel moet wys dat Mapula 'n heldin is.

Gebruik 'n vraagteken ? of 'n uitroepteken ! of 'n punt .

Help, die huis brand

Ses sterk brandweermanne het die brand geblus

Hoe het hulle die brand geblus

Waar was die brand

Wanneer was die brand



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van hierdie woorde en maak jou eie sinne in jou oefeningboek.

dit	helder	huis	gordyn	brand
tuin	spuit	skreeu	smelt	getrek
gespeel	gespring	rusbank	ligte	geëet



Ons skryf

Skryf nou 5 sinne waarin verskillende goed beskryf word. Gebruik jou eie byvoeglike naamwoorde.

15

Veiligheid in die huis

DATUM

Ontwerp 'n plakkaat oor veiligheid in die huis. Teken 'n prentjie om te wys watter dinge ons moet doen en wat ons nie moet doen nie. Jou plakkaat moet ook 'n waarskuwing bevat oor wat ons nie moet doen nie.

Ons doen

Ons skryf

Skryf nou 'n kort paragraaf om te verduidelik waaroor jou plakkaat oor veiligheid in die huis handel.



Ons skryf

Skryf 'n resensie oor 'n boek waarvan jy gehou het.

WOORDBOKS

- drie
- dankie
- daardie
- die

Sigwoorde

Die titel van die boek	
Die outeur	
Karakters	
Waaroor handel die storie?	
Sal jy die boek by 'n maat aanbeveel? Waarom?	



Ons skryf

Dink oor wat jou gunstelinggoed is, en skryf dit in die verskillende kolomme in die tabel neer. Vra nou twee maats wat hulle gunstelinggoed is en skryf hulle antwoorde ook in die tabel neer.

Wat is jou	gunstelingdag van die week?	gunstelingsport of -speletjie?	gunstelingboek?	gunstelingkos?	gunstelingradio- of -TV-program?
My naam					
My maat se naam					
Nog 'n maat se naam					





Onderwyser:

Teken:

Datum:

16 Ons skryf 'n storie

DATUM

Ons skryf

Dink aan 'n interessante gebeurtenis waaroor jy 'n storie kan skryf. Vul die geheuekaart in om jou te help om jou storie te begin.



Ons skryf

Skryf jou eie storie op 'n stuk papier. Dit moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê. Vra jou maat om jou te help om dit te korrigeer. Nou gaan jy jou eie boek maak. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit. Knip op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die titel van die boek op die omslag neer. Skryf jou naam onder die titel, omdat jy die outeur van die storie is. Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf nou jou storie in hierdie boek neer.

VOORBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy as skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn

Stap 2: Vou op die stippellyn

Stap 3: Kram aan hierdie kant.

AGTER BLAD

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom



Waar jy bly

8

Stap 4: Sny op die vaste lyn nadat jy die boek vasgekram het.

Teken 'n prentjie hier.

Skryf die middel van jou storie hier.



4

Teken 'n prentjie hier.

Gaan hier voort met jou storie.



5

Teken 'n prentjie hier.



Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

6

Teken 'n prentjie hier.



Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken 'n prentjie hier.

Begin jou storie hier skryf.

2



Eindig jou storie hier.

7

Teken 'n prentjie hier.



Ons reis

2



DATUM

17 Ons gaan kuier

Lees die tekenprent-stories en beantwoord dan die vrae.



Ons lees

Susan en Angela woon op 'n plaas naby Polokwane. Hulle gaan die langnaweek by hulle maats in Johannesburg kuier.



Ek is só opgewonde om Johannesburg toe te gaan om by Thandi, Linda en Mapula te gaan kuier.

Ek ook! Ek kan nie wag om trein te ry nie.

Julle moet baie versigtig wees in die stad. Onthou om julle beursies op te pas en nie saam met vreemdelinge iewers heen te gaan nie.

Hulle ma waarsku hulle teen die gevare in die stad.



Ag Ma, alles sal goed gaan.

Is julle goed gepak? Kom ons gaan stasie toe.



Hulle ry stasie toe.

Angela en Susan is baie opgewonde. Die trein vertrek uit die stasie uit.



Totsiens, Ma! Ons sien Ma weer Sondagaand.

Thandi sal ons by Johannesburg-stasie ontmoet.



Ons skryf

Lees weer die strokiesprent en beantwoord die vrae.

Wie is die hoofkarakters in hierdie storie?

Waar woon hulle?

Waarheen gaan hulle?

Waarteen waarsku hulle ma hulle?

Ons lees

Die Sekwati-kinders besoek hul ouma.

Sipho en sy susters Nomsa en Lerato woon in Johannesburg. Hulle is baie opgewonde, omdat hulle per trein vir hulle ouma op die plaas gaan kuier.



Ek is so bly dat ons hierdie naweek vir Ouma gaan kuier.

Ek kan nie wag om die koeie te melk nie.

Julle moet seker maak julle het julle sonbrandroom en hoede. Die son is baie warm in Limpopo. Wees versigtig as julle naby die rivier gaan. Daar kan dalk krokodille wees.



Ag Ma, alles sal goed gaan.

Komaan. Ons moet gou maak sodat ons nie die trein verpas nie!



Hulle gaan per taxi stasie toe.

Totsiens, Ma! Ons sien Ma weer Sondagaand.



Ek kan nie wag om perd te ry nie.

Die kinders is opgewonde om na hul ouma se plaas toe te gaan. Daar is soveel wat hulle op die plaas kan doen.

WOORDBOKS

- plaas
- bestemming
- plekke
- kussings

Sigwoorde

Ons skryf

Lees weer die strokiesprent en beantwoord dan die vrae.

Wie is die hoofkarakters in die storie?

Waar woon hulle?

Waarheen gaan hulle?

Waarteen waarsku hulle ma hulle?

Onderwyser:

Teken:

Datum:

Ons praat

Kyk nou weer na albei strokiesprent-stories en gesels met jou maat oor hoe hulle dieselfde is en hoe hulle van mekaar verskil.

18

Ons is op die trein

DATUM



Ons praat

Gesels met jou maat oor wat jy dink in elke storie gaan gebeur.

Ons doen

Teken 'n prentjie om te wys wat jy dink gaan gebeur wanneer die kinders by hulle onderskeie bestemmings aankom.

Die Smith-susters besoek hulle maats.

Die Sekwati-kinders besoek hulle ouma.

Ons skryf

Skryf 'n paar sinne om jou tekening te verduidelik.

Ons praat

Kyk na die diagram en gesels dan oor hoe ver die kinders gaan reis.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Hoe ver is dit van Johannesburg na Bela Bela?	
Hoe ver is dit van Modimolle na Mokopane?	
By hoeveel plekke gaan die kinders verbyry op hul reis van Polokwane na Johannesburg?	
Hoe ver is dit van Johannesburg na Polokwane?	

Ons doen

Teken 'n diagram om die plekke waarheen jy elke dag gaan, te wys; van die huis na die bushalte, na die skool toe en so aan. Vul die name van die verskillende plekke in die reghoek in. Vul dan die afstande tussen die plekke in die korrekte driehoeke in.

km km km km km

Ons praat

Verduidelik jou diagram vir 'n maat. Sê waarheen jy elke dag gaan en sê dan ook wat die afstande tussen die plekke is.

Sê:

Eerste gaan ek ... toe.
Tweede gaan ek... toe.
Dan gaan ek ... toe.
Laaste gaan ek ... toe.

Ons skryf

Verbeel jou jy is een van die kinders waaroor jy in die vorige werkkaart gelees het. Jy is nou op die trein. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy beskryf hoe jy gevoel het terwyl jy vir die reis aangepak het. Hoe het jy gevoel toe jy op die trein was? Wat beplan jy om te doen wanneer jy by jou bestemming aankom?

Watter een van die kinders is jy?

Onderwyser:

Teken:

Datum:

19

'n Uitstappie winkels toe

DATUM



Ons praat

Kyk na die titel van hierdie storie en na die prentjies. Bespreek met jou maat waaroor julle dink die storie sal handel.





Ons lees

Die volgende dag het Angela en Susan saam met Thandi, Busi en Linda winkels toe gegaan. Hulle het na 'n groot **inkopiesentrum** toe gegaan. Dit het baie verdiepings gehad en allerhande verskillende goed verkoop. Hulle het met 'n **roltrap** op en af na die verskillende verdiepings gery. Terwyl hulle inkopies gedoen het, het Susan verdwaal. Sy was baie bang, omdat sy nie haar suster kon vind nie. Angela was baie **vies** vir haar jonger suster. Later het Angela 'n bloes gesien waarvan sy gehou het. Sy het na die winkelassistent toe gegaan.

Winkelassistent: Kan ek help?



Angela: Ja asseblief. Hoeveel kos hierdie bloes?

Winkelassistent: Twintig rand.

Angela: Dis nie so **duur** nie. Mag ek dit aanpas? Het julle 'n groter grootte? Het julle enige ander kleure?

Winkelassistent: Ja, jy mag dit aanpas, maar ons het dit nie in 'n groter grootte of in enige ander kleure nie.



Angela: [Later] Dankie, ek sal hierdie bloes neem.

Winkelassistent: Wil jy 'n plastieksak hê?

Angela: Nee dankie, ek het my eie sak gebring.



Ons rolspeel

Rolspeel hierdie dialoog met 'n maat. Vra vir verskillende goed en koop party van hulle.



Ons skryf

Beskryf Angela en Thandi deur die vrae in die tabel te beantwoord. Jy kan party van hierdie woorde gebruik om jou te help.

kort	lank	blond	vlegsels	parmantig
gelukkig	gaaf	10 jaar oud	vriendelik	



	Angela	Thandi
Hoe lyk hulle?		
Hoe trek hulle aan?		
Wat eet hulle graag?		
Hoe, dink jy, is hulle persoonlikheid?		



Ons pas

Kyk nou na die vetgedrukte woorde in die storie. Kies die betekenisse wat daarby pas.

roltrap	kwaad
vies	bewegende trappe waarmee mense op en af ry
duur	area met baie winkels
inkopiesentrum	kos baie geld



20 By die winkels

DATUM

Ons praat

Vertel jou maat wat op elke verdieping in hierdie winkel verkoop word.

HEDGARS-WINKEL

KELDER	**EERSTE VERDIEPING**	**DERDE VERDIEPING**
Voedsel	Damesklere	Elektriese goedere
Sporttoerusting		Meubels
GRONDVERDIEPING	**TWEEDE VERDIEPING**	**VIERDE VERDIEPING**
Kosmetiekware	Kinderklere	Restaurant
Skoene	Mansklere	
Skryfbehoeftes	Speelgoed	

Ons skryf

Vul nou in op watter verdieping jy die volgende goed sal vind.

poppe	Tweede verdieping	sokkerstewels	
penne		'n TV	
'n rusbank		skoene	
'n rok		'n das	
'n speelgoedkarretjie		lipstiffie	
'n strykyster		handeroom	
'n romp		manshemde	
babaklere		'n babastootwaentjie	

Ons pas

Trek 'n streep van die woorde links na die betekenisse regs.

kosmetiekware	penne, potlode en papier
skryfbehoeftes	sportklere, balle, rakette, kolwe
elektriese goedere	klere vir kleuters en jong kinders
sporttoerusting	enige huishoudelike goedere wat met elektrisiteit werk
kinderklere	skoonheidsprodukte



Ons skryf

Maak 'n lys van die name van winkels naby waar jy woon en sê wat elkeen verkoop.

WOORDBOKS

- hierdie
- billik
- skielik
- spiere

Sigwoorde

Naam van winkel	Wat dit verkoop

Gebruik hierdie voorsetsels om die sinne te voltooi.
Jy kan sommige woorde meer as een maal gebruik.

in agter naby na van per

Die meisies het _____ 'n inkopiesentrum in Johannesburg gegaan.

Hulle het _____ bus gery. Die bus het _____ die inkopiesentrum gestop.

Angela het _____ 'n bloes gehou. Sy het haar geld veilig _____ haar beursie gebêre.

Nadat hulle terug huis toe gery het, het hulle _____ 'n park _____ die spoorlyn gaan speel.



Ons skryf

Skryf die volgende sinne oor met die regte leestekens.

angela se hare is blond

thandi se kortbroek is blou

hoeveel kos dit vra angela

ons is so gelukkig dat ons in maart 'n langnaweek het

ja dit is menseregtedag verduidelik thandi

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

21 In die dorp

Ons praat

Kyk na die tekening van 'n dorp en vertel vir jou maat watter plekke jy sien. Waarheen kan jy gaan as jy moet inkopies doen? Waarheen kan jy gaan vir vervoer? Waarheen kan jy gaan as jy siek is?



	1	2	3
A			
B			
C			

Vul al die plekke in wat in elke blok is.

	1	2	3
A			
B		vulstasie	
C			

Ons praat

Kyk na die prentjiekaart op die oorkantste bladsy. Vertel jou maat waar die verskillende plekke is. Gebruik die volgende woorde om jou te help.

tussen

regterkant

linkerkant

langs

oorkant

naby

WOORDBOKS

- waarom
- wie
- wanneer
- waarheen

Sigwoorde



Vind nou die verskillende plekke in die woordraam.

a	s	d	f	g	g	p	q	w	e	r	t	y	p	o
q	t	a	s	d	k	e	i	n	i	l	k	u	j	i
l	b	r	e	w	q	t	y	p	o	a	s	d	t	d
a	p	t	e	e	k	r	o	o	t	n	a	k	b	c
a	x	z	y	p	o	o	d	f	g	l	g	f	d	s
t	c	v	b	i	b	l	i	o	t	e	e	k	c	x
i	g	t	l	g	h	s	k	l	o	t	a	s	d	t
p	h	b	o	f	j	t	a	s	d	o	b	v	c	b
s	u	p	e	r	m	a	r	k	y	h	n	y	p	o
o	j	t	m	t	y	s	s	i	u	h	g	a	l	s
h	k	b	i	b	n	i	l	k	j	h	k	u	j	i
y	p	o	s	g	m	e	i	s	a	t	s	e	w	t
a	s	d	y	p	o	k	u	j	i	y	p	o	a	b
k	u	j	i	a	s	d	k	j	h	g	f	y	p	o



Verbind laastens die woorde in die middelste ry met hul sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) en met hul antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis).

hitte	netjies	lank	onbeskof	afgeleë	oorgewig

sinonieme

skoon	hoog	vet	ver	warmte	wreed

antonieme

laag	naby	slordig	koue	slank	gaaf

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

22 Op die plaas

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons lees

Lees die poskaarte wat elke kind oor hul naweek op die plaas geskryf het.

Liewe John

Ek is op my ouma se plaas. Ek het per trein hierheen gereis. Dit het ons 5 ure geneem om van Johannesburg na Polokwane te ry. Dit is baie lekker hier. Ek het drie nefies en niggies wat hier op die plaas bly. Ons speel sokker en ry perd.

Soggens help ek my ouma om die koeie te melk. Ons drink vars melk en eet die heerlike brood wat sy bak.

Smiddae gee ons die mielies water en pluk dan 'n paar om te eet. Ons rooster hulle op die oop vuur. Ek verkies dit om op die plaas te woon, waar ek kan hardloop en swem. Dit is nie so lekker om in die stad te woon waar ek nie 'n tuin het nie en waar dit nie so veilig is om buite te speel nie.

Jou maat

Sipho



Liewe Lulu

Ons het op Ouma se plaas hier naby Polokwane kom kuier. Dit het ons 5 ure per trein vanaf Johannesburg geneem. Ons geniet ons tyd hier baie. Drie van my nefies en niggies woon hier saam met my ouma. Ons speel almal die hele dag saam. Ons hou daarvan om sokker te speel en om agterop die trekker te ry.

Ons speel by die rivier en sien die krokodille op die rotse lê. Ons eet vars groente uit die tuin. Ek hou baie daarvan om met die jong diertjies te speel. Wanneer ek eendag groot is, wil ek 'n veearts of 'n boer word.

My boetie, Sipho, ry graag perd. Ek hou nie van perdry nie, omdat ek bang is ek val af.

Ek sien jou weer ná die vakansie.

Jou beste maat

Nomsa



Liewe Ma en Pa

Dit is lekker op die plaas.
Ek hou van die kos.
Ek hou van die vakansie.

Ek hou van die ander kinders.
Ek speel met die diere. Ek hardloop agter die hoenders aan.

Kan ek vir ewig by Ouma bly?

Van Lerato





Ons skryf Lees weer die poskaarte en vul in wat elke kind op die plaas geniet het.

Sipho	Nomsa	Lerato

Onderwyser:
Teken:
Datum:

23 Dit het vyf ure per trein geneem

DATUM



Ons praat

Bespreek die trein se tydrooster met jou maat. Sê waarheen die treine gaan, hoe laat hulle vertrek en hoe lank elke reis neem.

Treine vertrek van Johannesburg-stasie
Maandag tot Sondag

Vertrektyd	Vertrek na	Aankomstyd	Vertrektyd	Vertrek na	Aankomstyd
06:00	Durban	14:00	05:30	Polokwane	11:30
07:00	Kaapstad	19:00	07:00	Durban	15:00
09:00	Durban	17:00	08:00	Kaapstad	20:00
10:00	Polokwane	14:00	09:30	Durban	17:30
11:00	Kaapstad	23:00	10:00	Kaapstad	22:00



Ons skryf

Kyk weer na die trein se tydrooster en beantwoord dan die volgende vrae. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Hoeveel treine vertrek elke dag na Durban?	
A	Een
B	Twee
C	Drie
D	Vier

Hoeveel treine arriveer elke dag ná 17:00?	
A	Een
B	Twee
C	Drie
D	Vier

Voltooi die volgende tabel deur die treine se aankomstye in te vul.

Bestemming	Aankoms by bestemming
Tweede trein na Polokwane	
Derde trein na Kaapstad	
Vierde trein na Durban	
Eerste trein na Polokwane	

Ons skryf

Gebruik "omdat" om die volgende sinne met mekaar te verbind. Trek dan 'n streep om die eerste deel van elke sin in kolom A met die korrekte deel in kolom B te verbind om 'n volledige sin te maak.

A		B
Jy kan nie in die rivier swem nie	omdat	ek bang is ek gaan val.
Ons hou daarvan om die tuin nat te lei		daar krokodille in die rivier is.
Ons het per trein gereis		dit goedkoper is as om per taxi te reis.
Ek hou nie van perdry nie		ons hou van vars groente vir aandete.

Ons skryf

Kyk na die prentjies en vul dan die byvoeglike naamwoorde in om hulle te beskryf.
Onthou: byvoeglike naamwoorde is beskrywende woorde. Gebruik sommige van die woorde hieronder om jou te help.

duur | mooi | pragtig | silwer | lank | ver | lelik | gaaf | nuut | vriendelik | helder | vinnig | slim | hulpvaardig | vet | stadig | laf





Ons skryf

Onderstreep nou al die byvoeglike naamwoorde in die volgende sinne.
Omkring die selfstandige naamwoorde wat hulle beskryf.

Ek is 'n baie lang meisie met kort, swart hare.

Ek woon in 'n klein huisie in 'n stil straat in Soweto.

My ma sit helderblou strikke in my lang hare.

Johannesburg het groot huise en mooi tuine.

Ons skryf

Skryf laastens 'n beskrywing van jou beste maat.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

24 Meer oor woorde

Ons praat

Kyk na hierdie tekens by die stasie. Gesels oor wat hulle beteken.













Ons pas

Trek 'n streep van die woorde links na die regte betekenisse regs.

hond	Letterlik: vierbeendier. Figuurlik: gemene persoon
ster	Letterlik: blink hemelliggaam. Figuurlik: presteerder
skerp	Letterlik: nie stomp nie. Figuurlik: baie slim, gevat
suur	Letterlik, nie soet nie, soos 'n vrug. Figuurlik: onvriendelik, nors

Die letterlike betekenis van 'n woord verwys na die mees algemene betekenis, soos 'n mens dit gewoonlik verstaan. Die "figuurlike" betekenis van 'n woord verwys na 'n meer ongewone betekenis, wanneer 'n eienskap van die woord aan 'n persoon gegee word.

Ons skryf

Skryf twee sinne om die betekenis van die onderstreepte woorde te verduidelik. Die eerste sin moet die letterlike betekenis gee, en die tweede sin die figuurlike betekenis.

Julle is <u>ape</u>.

Hy's 'n regte <u>bul</u>.

Dis 'n <u>skilpad</u> daardie.

Daardie meisie is 'n regte <u>riet</u>.



WOORDBOKS

- agter
- gaaf
- laaste
- vertrek

Sigwoorde

Skryf die sinne oor in die verlede tyd deur met "gister" te begin.

Hy reis per trein.
Gister het hulle per trein gereis.
Die kinders kuier op die plaas.
Gister
Susan verdwaal in die inkopiesentrum.
Gister
Hy ry perd.
Gister
Ons is bly jy verjaar.
Gister



Ons skryf

Besluit of die onderstreepte bywoord ons vertel hoe, wanneer of waar iets gebeur. Skryf dan hoe, wanneer of waar langs die sin.
Omkring laastens die werkwoord wat die bywoord beskryf.

Angela het haar springmielies vinnig geëet.	Hoe
Thandi en Busi lees dikwels boeke oor diere.	
Nomsa vertel trots hoe sy die resies gewen het.	
Ons reis gewoonlik per trein na die pragtige plaas toe.	
Angela en haar maats het vrolik by die genotvolle konsert gesing.	
Die trein het stadig om die draaie gegaan.	



Ons doen

Maak 'n sketse van 'n inligtingsteken en vertel vir jou maat wat dit beteken.











25 'n Reis wat ek onderneem

DATUM



Ons skryf

Skryf 'n beskrywing van 'n reis wat jy onderneem.

My reis na

Waarheen ek gegaan het en waarom ek gegaan het

Hoe ek gereis het

Wat ek daar gedoen het

Hoe ek gevoel het toe ek moes terugkom

Skryf nou die storie in jou eie woorde.

Gebruik jou aantekeninge in die geheuekaart om jou storie op rofwerkpapier te skryf. Lees sorgvuldig dit wat jy geskryf het deur en maak al die foute reg. Vra dan jou maat om jou storie deur te lees en jou te help om die foute reg te maak.

Jy is nou gereed om jou storie netjies in die spasie hieronder neer te skryf. Onthou om die storie 'n opskrif te gee.

Opskrif	
Waarheen het jy gegaan?	



Hoe het jy gereis?



Wat het jy daar gedoen?



Hoe het jy gevoel toe jy moes terugkom?



Onderwyser:

Teken:

Datum:

26

Die plaasalfabet

DATUM



Ons lees

Lees die gedig hardop in jou groep.



A is vir die appels wat op die plaas groei,
B is vir die beet, mooi rooi en blink.

C is vir die cheetah wat in die berge bly,
D is vir die donkie wat hinkepink.

E is vir die eiers wat ons elke dag eet,
F is vir die Frieskoei wat ons vars melk gee.



G is vir die geel sonneblomme op die land,
H is vir die hasies wat oral hop.



I is vir die ietermago by die dam,
J is vir die jakkals wat in die donker sit.



K is vir die kinders wat rondbaljaar,
L is vir die lammertjies, sag en wit.



M is vir die melk wat so heerlik smaak,
N is vir die nes waarin die hen haar eiers lê.

O is vir die ooi of wyfie-bok
P is vir perde wat runnik en galop.



Q is vir die quiche wat Ouma maak,
R is vir die ram of mannetjie-bok.

S is vir sonskyn wat alles laat groei,
T is vir trekkers waarmee ons saadjies saai.



U is vir uie wat ons trane laat vloei
V is vir vinke wat in die wilgers raas.

W is vir die wind wat om die hoeke waai.
X is vir my ja-stem vir hierdie plaas!



Y is vir die ysige koue en die truie wat ons brei
Z is vir die zebras wat in die velde wei.



Ons skryf

Skryf 6 stelle rymwoorde neer met dieselfde spelling. Ons het die eerste stel vir jou gedoen.

slim					
klim					

Skryf 6 stelle rymwoorde neer met verskillende spelling.

styl					
steil					

Skryf 6 selfstandige naamwoorde uit die gedig in die eerste ry neer. Skryf dan die byvoeglike naamwoorde wat elke naamwoord beskryf, in die tweede ry neer.

beet					
rooi					



Ons skryf

Pak al die woorde in die regte sakkies. Ons het die eerste paar vir jou gedoen.

melk	hond	sit	eiers
boer	sy	tuin	mielies
hooi	roomys	heerlik	soet
wonderlik	klein	bokke	wol
kaas	nes	gelê	gemaak
beker	varke	speel	hoenderhaan
trekker	dryf	blou	druiwe
skape	jou	hulle	groei
lemoene	goed	perde	koei
eet	koring	sap	truie
ons	kraai	wol	dit









Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

27 Boere en die weer



Ons lees

Ons lees 'n weerkaart.



Sleutel vir weersimbole			
Wind		Gedeeltelik bewolk	
Temperatuur	20 °C / 31 °C	Reën	
Weerlig en donderstorms		Sonnig	
Bewolk		Mis	



Ons praat Gesels met jou maat oor die weerkaart.

- Wat sê die kaart oor die weer in jou provinsie?
- Is die weer regtig só vandag?
- Praat oor die weer in die ander provinsies.
- Watter klere sal die mense in die Oos-Kaap in sulke soort weer dra?
- Waar is die weer die beste? Waar is dit die slegste?



Ons skryf

Verbeel jou jy gaan die weervoorspelling op TV lees deur die kaart op die teenoorgestelde bladsy te gebruik.

Skryf neer wat jy vir elke provinsie sal sê.

Vul die name van die provinsies in.	Beskryf die weer. Sê eerste wat die temperatuur sal wees, en sê dan of dit reënerig, bewolk of sonnig sal wees.



Ons lees

Lees die kaart wat die hoeveelheid reënval vir 'n spesifieke plek oor 'n tydperk van 12 maande wys.





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Watter maand het die meeste reën gehad?	
Wat was die droogste maand?	
Watter maande vorm die reënseisoen?	
Hoeveel reën het vanjaar geval?	
Watter maande het dieselfde hoeveelheid reën gehad?	
Watter maand(e) het geen reën gehad nie?	
Wanneer dink jy is die beste tyd om te begin plant? Waarom?	



Ons skryf

Omkring die korrekte woord.

Dit is/was vandag sonnig.

Dit het/sal gister gereën.

More gaan die kinders sport toe.
Hy/hulle gaan dit geniet.

Die meisie soek sy/haar hond.

Dit is/was vandag koud. Ek dink ek/my sal by die huis bly.

Dit is John se trui. Die trui is hare/syne.



28

Dit hang alles van die weer af

DATUM



Ons skryf

Kyk weer na die weerkaart en beantwoord die vrae.

Wat is die weer in jou provinsie?
Is die weer in jou provinsie geskik vir binnenshuise of buitenshuise aktiwiteite? Sê waarom jy so sê.
Lys die provinsies wat langs die see geleë is.
Daar is 'n kompas onderaan die weerkaart. Sê waarom.



Ons doen

Bespreek met jou maats hoe die weer die afgelope week was.

Teken dan 'n simbool vir elke dag.






Teken die weer vir die week op.



Maandag Dinsdag Woensdag Donderdag Vrydag

WOORDBOKS

- orde
- oop
- oor

Ons skryf

Gebruik die inligting op die weerkaart op werkkaart 27 om die tabel hieronder te voltooi. Vertel dan vir jou maat wat die weer vir elke plek is.

Provinsie	Reën	Temperatuur	Weersomstandighede	Windspoed
Limpopo				
Noordwes				
Mpumalanga				
Gauteng				
Vrystaat				
KwaZulu-Natal				
Noord-Kaap				
Oos-Kaap				
Wes-Kaap				

Ons skryf

Gebruik een van die woorde tussen hakies om hierdie sinne met mekaar te verbind.



Jakob was bly. Dinsdag was 'n vakansiedag. (en/want)

Paul laat die koppie val. Dit breek. (en/maar)

Ons wou strand toe gegaan het. Dit het gereën. (want/maar)

Sy kon nie swem nie. Dit was koud. (en/want)

Dit was 'n sonnige dag. Hulle het gaan stap. (so/want)

Onderwyser:

Teken:

Datum:

29

Plekke naby en ver





Ons praat

Noem vir jou maat die verskillende plekke wat in die raampies hieronder genoem word.

Waar praat mense Engels as hul eerste taal?

1. Verenigde Koninkryk
2. Verenigde State
3. Kanada
4. Australië
5. Nieu-Seeland
6. Suid-Afrika



Watter plekke is altyd baie koud?

7. Antarktika
8. Die Noordpool
3. Kanada
9. Groenland
10. Ysland





WOORDBOKS

- skool
- soom
- sal
- sou

Sigwoorde

Waar tref ons die volgende diere aan?

4 Kangaroes en koalabere

11 Tiere

6 Leeus



Waar is hierdie oseane?

12 Indiese Oseaan

13 Stille Oseaan

14 Atlantiese Oseaan



Onderwyser:

Teken:

Datum:

30

Waar jy bly

DATUM



Ons praat

Beskryf die plek waar jy woon. Vul die details op die geheuekaart in.

Taal wat die mense praat

Tipe weer

Hoofstad van my provinsie

Provinsie



Sportspanne

Lawaaierig of stil

Dierelewe

Gunstelingkossoorte



Ons skryf

Skryf 'n brief aan 'n maat in 'n ander land. In die brief moet jy jouself beskryf en ook die plek waar jy woon. Gebruik die inligting wat jy in die geheuekaart hierbo neergeskryf het.

WOORDBOKS

- bloed
- skroot
- sulke
- so 'n

Sigwoorde

Skryf jou adres hier.

Skryf die datum hier.

Skryf 'n gepaste groet of aanspreekvorm.

Skryf jou slot hier.

Skryf jou naam hier.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

31 Kry dit reg



Ons lees

Kyk na die selfstandige naamwoorde in die tabel. Aan die linkerkant is die selfstandige naamwoorde in die enkelvoud (een ding), waarvoor ons "so 'n" sê, en aan die regterkant is die selfstandige naamwoorde in die meervoud (meer as een ding), of wanneer ons die ding nie kan tel nie (ontelbaar), waarvoor ons "sulke" sê.

Ons gebruik *so 'n* wanneer ons na een ding verwys (enkelvoud) of wanneer ons die goed kan tel (telbaar).
Ons gebruik *sulke* wanneer ons na meer as een ding verwys (meervoud) of wanneer ons die goed nie kan tel nie (ontelbaar).

Enkelvoud/telbaar		Meervoud/ontelbaar	
eier	piesang	vensters	radio's
sak	tafel	motors	rekenaars
stoel	lessenaar	mense	diere
pen	koppie	kaas	lekkers
boek	selfoon	kos	prente
seun	pop	water	reën
meisie	beer	koeldrank	weer





Ons praat

Vra jou maat oor dinge in die klaskamer of by die huis. Vra vrae wat begin met

Wil jy so 'n _____ ? of

Wil jy sulke _____ ?



Ons skryf



Vul nou die woorde in die korrekte raampies in.

olifante	brood	treine	skoene	sand
sebras	olie	druiwe	limonade	reën
leeus	sous	beddens	botter	kinders
slange	leeus	hoede	bokse	onderwysers
koek	rokke	kaas	meel	water



Enkelvoud/telbaar		Meervoud/ontelbaar	



Ons skryf

Skryf 'n boekresensie oor 'n boek wat jy hierdie kwartaal gelees het. Kies 'n boek wat jy regtig geniet het. Vul die volgende inligting in:

WOORDBOKS

- draak
- voor
- skud
- griet

Sigwoorde

Titel van die boek	
Outeur	
Storielyn Wat gebeur in die storie?	
Agtergrond Waar en wanneer speel die storie hom af?	
Karakters Wie is die mense in die storie?	
Tema Waaroor handel die storie? Wat is die boodskap van die storie?	
Waarvan ek gehou het Wat was die beste deel van die storie?	
Aanbeveling Waarom sal jy die storie by 'n maat aanbeveel?	













Onderwyser:

Teken:

Datum:

32 Skryf jou storie

DATUM



Ons praat

Gesels met 'n maat oor 'n storie wat jy gaan skryf. Jou storie kan oor jouself handel, of oor iemand wat jy ken, of selfs oor 'n denkbeeldige persoon.



Ons skryf

My storiebeplanner

Vul nou jou idees in die storiebeplanner in.

Die karakters en die agtergrond	Wie speel 'n rol in jou storie? Waar speel die storie hom af? Wanneer speel die storie hom af?
Die begin	Wat gebeur aan die begin van die storie?
Die middel	Wat gebeur in die middel van die storie?
Die einde	Hoe eindig die storie?



Maak jou eie boek. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit. Knip op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die titel van die boek op die omslag neer. Skryf jou naam onder die titel, omdat jy die outeur is. Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf nou jou storie in die boek.



VOORBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy as skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn

Stap 2: Vou op die stippellyn

Stap 3: Kram aan hierdie kant

AGTERBLAD



OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom



Waar jy bly

8

Stap 4: Sny op die vaste lyn nadat jy die boek vasgekram het

4

Skryf die middel van jou storie hier.



Teken 'n prentjie hier.

5

Gaan hier voort met jou storie.



Teken 'n prentjie hier.

Teken 'n prentjie hier.



Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

6

Teken 'n prentjie hier.

Gaan hier voort met jou storie.



3

Teken 'n prentjie hier.



Eindig jou storie hier.

7

Teken 'n prentjie hier.



Begin jou storie hier skryf.

2



Diere- en ander verhale

3



DATUM

33

Padda en Kraai kry die verkeerde boodskap

Ons lees





Een sonnige dag sit meneer Kraai op 'n tak van die maroelaboom en kyk na die diere wat ywerig besig is om kos bymekaar te maak. Skielik sien hy 'n stuk papier verbywaai. Kraai swiep af en vang die stuk papier en lees wat daarop staan. Dit sê "SS - WV - 2".

"Dit moet 'n geheime boodskap wees," se Kraai vir homself.

Padda hop verby en hoor wat Kraai sê. "'n Geheim?" sê hy, "ek's mal oor geheime!"

Kraai wys vir Padda die stukkie papier.

"Ek wonder wat dit beteken?" vra Padda, terwyl hy senuweeagtig hoes.

"SS," prewel Kraai. "SS moet seker beteken Sit Stil. Iemand hou my dop! Ek is seker hulle is wreed en woes. Ek is sekerlik in verskriklike gevaar. Wat kan ek doen?"

"Ek wonder wat beteken WV?" vra Kraai en klap sy vlerke. "Ek het dit!" gil hy. "WV beteken Wees Versigtig. Ek moenie beweeg nie en ek moet versigtig wees. Arme ek, wat kan ek doen?"

"Wag 'n bietjie," skree Padda. "Die boodskap is vir my ook. Dit sê 2. Dit beteken die boodskap is vir ons albei."

"Ons is in verskriklike gevaar," gil Kraai en Klap weer sy vlerke. "Ons is in groot moeilikheid!"

"Wat kan ons doen?" kwaak Padda en hop op en af. "O toggie, wat kan ons doen?"

Hulle val op die grond neer en gryp hulle koppe vas.

Net toe kom mevrou Hoenderhen in die pad afgestap met haar inkopiemandjie.

"Wat op aarde gaan met julle twee aan?" vra sy. "Waarom lê en kerm julle so op die grond?" Dan sien sy die stukkie papier en vat dit by Padda.



"Aha, ek sien julle het my tweede inkopielysie gevind. Ek soek orals daarna," sê mevrou Hoenderhen.

"Jou tweede inkopielysie?" vra Kraai en Padda.

"Ja, dit sê mos nommer 2. WV beteken wildevye. En SS beteken suurlemoensap. Daar is niks lekkerder as wildevye met suurlemoensap nie."

Kraai en Padda kyk vir mekaar en begin giggel. Hulle lag en lag totdat hulle mae pyn. Hulle val op die grond neer soos hulle lag. Mevrou Hoenderhen skud haar kop en stap weg met haar inkopiemandjie.

"Ek wonder wat is so snaaks. Ek kan nie wag om wildevye en suurlemoensap vir aandete te eet nie. Ek kan nooit genoeg wildevye eet nie," dink sy.

(Aangepas uit Pennsylvania Department of Education: Bureau of Assessment and Accountability 2009)

NUWE WOORDE



Ons skryf

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
As jy nie seker is wat die antwoorde is nie, gaan terug en lees weer die storie.

Wat is die groot probleem in die storie?	
A	Kraai sit in die boom.
B	Kraai en Padda het op die grond neergeval.
C	Padda probeer 'n boodskap aan sy maats verduidelik.
D	Kraai en Padda dink hulle is in gevaar.

Wat het die probleem in die storie veroorsaak?	
A	Padda en Kraai probeer 'n geheim vir hulleself hou.
B	Padda en Kraai het nie die boodskap verstaan nie.
C	Padda en Kraai val op die grond neer.
D	Mevrou Hoenderhen gaan winkel toe.

Wat beteken die woord versigtig?	
A	maak 'n geraas
B	pasop
C	lê op die grond
D	wees stil

Waarom val Kraai en Padda op die grond neer soos hulle lag aan die einde van die storie?	
A	Hulle verstaan dat die boodskap net 'n skadelose inkopielysie was.
B	Hulle wil wildevye eet.
C	Hulle dink die Hoenderhen is snaaks.
D	Hulle wil gaan kos koop.



Ons praat

Vertel vir jou maat, in die korrekte volgorde, wat aan die begin, in die middel en aan die einde van die storie gebeur het.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

34 Meer oor die kraai en die padda



Ons rolspeel

Dink 'n rolspel uit om te wys wat in die storie oor die kraai en die padda gebeur het. Jy het drie karakters nodig: 'n kraai, 'n padda en 'n spreeu.



Ons skryf

Nommer hierdie prentjies in die korrekte volgorde.









Skryf nou 2 sinne oor elke prentjie.

1
2
3
4

Werk met woorde

Lees die woorde en kyk na die ei- of y-klank in elkeen. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

skyn	bleik	feit	grein
dolfyn	kwyn	Filistyn	gly
brei	bry	vlei	vyl

NUWE WOORDE

Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor deur al die onderstreepte selfstandige naamwoorde deur die korrekte voornaamwoord te vervang. Gebruik een van hierdie woorde. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

hy dit haar hulle

Ek het die <u>huis</u> pienk geverf.
Ek het dit pienk geverf.
Die kraai en die padda het die boodskap vir <u>mevrou Hoenderhen</u> gewys.
<u>Jabu en sy gesin</u> woon in Polokwane.
Het jy <u>die padda en die kraai</u> onder die boom gesien?



Ons doen

Kyk aandagtig na die prentjie van die lewensiklus van die padda. Skryf dan die korrekte nommer langs elke stelling om die sinne in die korrekte volgorde te rangskik.



	Die paddavissie kry pote.
	Die paddavissie se stert verdwyn.
	Die volwasse padda ontwikkel longe en verloor sy kiewe.
	Die vroulike padda lê eiers.
	'n Jong paddavissie het eksterne kiewe en 'n stertvin.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

35

Die leeu en die muis

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjies en vertel vir jou maat waaroor jy dink die storie handel.



Ons lees

Die groot leeu en die klein muisie

Eendag maak 'n klein muisie per ongeluk 'n slapende leeu wakker. Die leeu grom en sê: "Ek is deur 'n klein muisie wakker gemaak. Ek gaan hom vir 'n smulhappie vreet."

Hy trap die muis se stert onder sy groot poot vas.

"Ag nee, meneer Leeu," piep die muis. "Moet my asseblief nie opvreet nie. Ek is net 'n klein ou muisie."

"Jy is reg," grom die leeu. "Jy is te klein om my pens vol te maak."

"Dankie, meneer Leeu," piep die muis. "Eendag sal ek jou weer help."

"Ha ha ha!" brul die groot leeu. "Hoe kan 'n klein muisie soos jy nou 'n groot, sterk leeu soos ek help? Ek is die koning van al die diere. Ek kan myself help."

Kort daarna gaan die leeu 'n ent stap. Hy loop in 'n jagter se net vas en kan nie loskom nie. "Help!" skree hy. "Ek kan nie loskom nie. Ek is vasgekeer!"

Die klein muisie hoor die leeu se geskree. Hy hardloop na die vangnet toe en sê: "Ek sal jou help!"

"Jy is te klein om my te help," grom die leeu.

Die muis begin die net in klein stukkies stukkend te byt. Vinnig is die leeu vry. Hy glimlag dankbaar en sê: "Jy is dalk net 'n klein ou muisie, maar jy het baie gehelp."







Ons skryf

Omkring die letter langs die korrekte antwoord. Gaan terug en lees weer die storie as jy nie seker is wat die regte antwoorde is nie.

NUWE WOORDE

Waarom het die leeu besluit om NIE die muis te vreet nie?	
A	Die muis was te klein om sy pens vol te maak.
B	Die muis het te veel gepiep.
C	Hy het geweet dat die muis hom eendag sou help.
D	Hy het geweet hy sou in die net vasgekeer word.

Wat is die hoofboodskap van hierdie storie?	
A	Moet nooit muise eet nie.
B	Kyk voordat jy dalk in 'n vangnet beland.
C	Selfs klein diertjies kan ons help.
D	Moenie op 'n slapende leeu trap nie.

Waarom het die leeu gegil?	
A	Om 'n lawaai te maak.
B	Om vir die muis te sê om weg te gaan.
C	Om te wys hoe sterk hy is.
D	Vir iemand om hom te kom help.

Wat is die beste titel vir hierdie storie?	
A	Hoe die muis die leeu gehelp het.
B	Hoe die leeu vasgekeer is.
C	Wees versigtig vir leeus.
D	Moet nooit naby vangnette gaan nie.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na hoe die -d aan die einde van die woorde soos 'n -t klink.

woud	skuld	geld	wond	blond
mond	koud	veld	speld	wild



Ons rolspeel

Dink 'n rolspel uit om te wys wat in die storie oor die leeu en die muis gebeur het. Jy benodig drie karakters: die leeu, die muis en die jagter.

Vertel vir jou maat, in die korrekte volgorde, wat aan die begin, in die middel en aan die einde van die storie gebeur het.





Ons praat

Onderwyser:
Teken:
Datum:

36 Die leeu en die muis

DATUM

Ons skryf

Som die storie op in jou eie woorde. Sluit minstens een belangrike gebeurtenis uit die begin, die middel en die einde van die storie in.







Ons skryf

Trek 'n streep om die woorde in die teenwoordige tyd met die regte woorde in die verlede tyd te verbind.

lag gesien geteken gegaan stop teken

sien gewas gekyk vat gestop gekom

kyk gevat kom gelag was gaan

Kies nou 3 pare woorde en gebruik dit om ses sinne in jou oefeningboek te skryf.

Ons skryf

Skryf neer wat die leeu en die muis gesê het. Gebruik aanhalingstekens.



WOORDBOKS

- klein
- muisie
- myself

Sigwoorde

Die muis het gesê: "

Die leeu het gesê: "

Ons skryf

Skryf teenoorgesteldes vir elke sin hieronder.

Dit was 'n warm dag en die klein leeutjie het die groot muis gesien.	
Die klein leeutjie was swak en die groot muis was sterk.	
Die leeu was lig en die muis was swaar.	

Vir die pret

Skryf 'n bedankingskaartjie vir iemand wat jou gehelp het. Skryf 'n kort boodskap op die voorkant van die kaartjie. Sê binne-in die kaartjie hoe die persoon jou gehelp het.



Onderwyser:
Teken:
Datum:

37

Wilde diere

DATUM

Ons lees

DIE LEEU



Leeus behoort tot die katfamilie. Die leeu word dikwels die koning van die diereryk genoem. Leeus jag en vreet diere soos bokke en sebras. Die wyfies doen die meeste van die jagwerk. Hulle jag gewoonlik snags in groepe. Leeus verkies dit om in oop grasvlaktes te bly. Hulle woon in groepe, wat troppe genoem word.

DIE OLIFANT



Olifante is die grootste soogdiere op land. Hulle bly op oop grasvlaktes. Hulle is dikwels in gevaar, omdat stropers hulle vir hul ivoortande jag. Olifanttande bly hul hele lewe lank groei. 'n Olifant gebruik sy slurp om wortels, vrugte en water in sy bek te sit. Hulle eet tot 200 kg kos en drink 190 liter water per dag.

DIE RENOSTER



Renosters woon dikwels op grasvlaktes. Hulle is herbivore, wat beteken dat hulle gras en plante vreet. Hulle verkies dit om twee maal per dag water te drink as dit beskikbaar is, maar hulle kan in droogtetoestande vier tot vyf dae sonder water klaarkom. Daar is twee soorte renosters - die swartrenoster en die witrenoster. Nie een van hulle is egter swart of wit nie - albei is grys. Renosters kan nie baie goed sien nie, maar hulle kan uitstekend ruik. Hulle is baie groot en kan tot 2 500 kg weeg. Hulle word gereeld deur jagters en stropers vir hul horings gejag. Ons moet renosters teen stropers beskerm.



Ons skryf

Lees weer die paragrawe hierbo oor die 3 soorte diere en voltooi dan die volgende tabel.

NUWE WOORDE

Wat vreet hulle?		
Leeus	Olifante	Renosters

Waar bly hulle?		
Leeus	Olifante	Renosters

Waarom word hulle bedreig?	
Olifante	Renosters



Trek 'n streep om die woorde links met die betekenisse regs te verbind.

herbivoor	iemand wat diere onwettig jag
gereeld	diere wat plante vreet
stroper	bedreig
in gevaar	diere wat hul babas met melk voer
soogdier	dikwels

Onderwyser:
Teken:
Datum:

38 Bedreigde diere

DATUM

Ons doen

Lees hierdie pamflet en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Ons lees

Oewerkonyne is bedreigde diere

As jy al ooit 'n oewerkonyn gesien het, is jy baie gelukkig. Oewerkonyne is die enigste konyne van hulle soort in die hele wêreld. En in Suid-Afrika is oewerkonyne ons mees bedreigde dier. Dit beteken dat hulle in gevaar is om uitgewis te word. Daar is net 'n paar honderd van hulle in die hele Suid-Afrika oor en die gevaar bestaan dat hulle vir ewig kan verdwyn.

Oewerkonyne woon langs riviere in die Karoo. Sommige boere het die grond langs die riviere omgeploeg en daardeur die bosse en struike wat die oewerkonyne nodig het om te oorleef, vernietig.

Die *Trust vir Bedreigde Natuurlewe* probeer om hierdie konyne te red. Hulle help boere om die kos wat die konyne graag eet te plant, om só te voorkom dat hulle uitgewis word. Sommige boere in die Karoo het ingestem om die konyne op hul plase te beskerm.





Ons praat

Gesels met jou maat oor die probleem wat in hierdie pamflet bespreek word en hoe die *Trust vir Bedreigde Natuurlewe* die probleem probeer oplos.



Ons skryf

Onthou jy nog wat persoonlike voornaamwoorde is? Onderstreep die persoonlike voornaamwoord in die volgende sinne.

NUWE WOORDE

Ek is by die skool.

Ons is kinders.

Sy is 'n meisie.

Jy is my beste maat.

Hy is 'n seun.

Hulle is leeus.

Dit is 'n olifant.

Ons eet ons middagete.



Skryf nou hierdie sinne oor deur die onderstreepte selfstandige naamwoorde met die korrekte voornaamwoord te vervang. Gebruik hierdie voornaamwoorde:

sy | ons | hy | hulle | haar

Leeus leef in groepe
Hulle leef in groepe.
Ek het die pamflet vir mevrou Smith gegee.
Jabu lees sy storie vir my en Anita.
Sam speel sokker.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

39

Die haas en die skildpad

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels oor waaroor julle dink die storie handel.











Ons lees

Lank gelede het 'n haas en 'n skilpad in die groen woud gebly. Die bruin skilpad het baie stadig geloop en die haas het altyd vir haar gelag. Eendag sê die haas vir die skilpad: "Kom ons hardloop resies." Die skilpad het ingestem en die haas het kliphard gelag. Al die ander diere het gekom om na die resies te kyk.

Die haas het baie vinnig gehardloop en was gou ver voor die skilpad. Hy het teruggekyk, maar kon nie die skilpad sien nie, omdat sy te ver agter was.

"Daardie skilpad is baie stadig," dink die haas. "Dit gaan nog lank neem voordat sy hier is. Ek gaan eers 'n bietjie rus en wanneer ek haar sien aankom, sal ek vinnig verder hardloop en die resies wen. "Die haas gaan sit teen 'n boom en rus."

Die haas raak gou aan die slaap. Terwyl hy slaap, hoor hy die ander diere hande klap. Hy dog eers hy droom. Maar toe hy wakker word, sien hy dat die skilpad baie naby aan die wenstreep is.

Die haas het so vinnig as wat hy kan gehardloop, maar hy kon nie die skilpad inhaal nie. Die skilpad het alreeds die resies gewen.



Ons skryf

Lees weer die storie en beantwoord die vrae.

WOORDBOKS

- altyd
- lag
- wanneer
- wonder

Sigwoorde

Wie het die resies gewen? Waarom?
Wie het gekom om na die resies te kyk?
Waar het die haas gerus?
Skryf 'n goeie naam vir die storie neer.



Werk met woorde

Lees hierdie woorde. Hulle klink dieselfde, maar hulle word verskillend geskryf en hul betekenisse verskil. Kies 3 pare woorde en skryf sinne in jou oefeningboek om hul korrekte betekenisse aan te dui.

lid	noot	wy	styl	peil
lit	nood	wei	steil	pyl



Verbeel jou jy is die haas of die skilpad. Skryf 'n SMS waarin jy vir jou maat vertel wat gedurende die resies met jou gebeur het.



Ons skryf

Onderwyser:

Teken:

Datum:

40 Die diereresies

DATUM



Ons rolspeel

Dink 'n rolspel uit oor wat in die storie oor die haas en die skilpad gebeur het. Jy moet twee karakters hê: die haas en die skilpad.





Vertel vir jou maat die storie van die haas en die skilpad in die korrekte volgorde. Vertel vir hom of haar wat aan die begin, in die middel en aan die einde van die storie gebeur het.



Ons praat



Ons skryf

Skryf nou twee dagboekinskrywings oor die dag toe die haas en die skilpad resies gehardloop het. Verbeel jou in die eerste een dat jy die haas is. Beskryf wat daardie dag met jou gebeur het.





Ons skryf

Verbeel jou nou dat jy die skilpad is. Skryf 'n dagboekinskrywing oor wat daardie dag met jou gebeur het. Wanneer jy klaar is, ruil boeke met jou maat en lees sy/haar dagboekinskrywings.



Ons skryf

Skryf een sin oor wat aan die begin, in die middel en aan die einde van die storie oor die haas en die skilpad gebeur het.

Aan die begin
In die middel
Aan die einde







Ons skryf

Skryf die teenoorgestelde van die volgende woorde neer.

vinnig		sterk	
lelik		wild	
slim		ryk	
kort		goed	
lank		skerp	
blink		blink	





Kies nou 3 van die woorde en maak jou eie sinne daarmee.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

41

Skooluitstappie vir insekliefhebbers

DATUM

Ons lees

UITNODIGING

Omgewingsklub van die Newtown-laerskool

Liewe Graad Viers

Sluit by die omgewingsklub aan as julle meer oor diere en insekte wil leer!

Wat gebeur hierdie vakansie?

'n Spesiale uitstappie om insekte te gaan kyk word vir die Oktober-vakansie beplan.

Kom en ontdek die bye en skoenlappers, die miere, die kewertjies en die sprinkane in die Groenvalleituin.

Tyd:	09:00–16:00
Datum:	Woensdag, 6 Oktober
Plek van vertrek:	Die Graad 4D-klaskamer
Wat om te bring:	Jou eie middagete en koeldrank, pen, notaboek, sonhoed en 'n kamera as jy een het.

INSEKTE IS IN!



Ons skryf

Lees weer die uitnodiging en beantwoord die volgende vrae.

NUWE OORDE

Na watter uitstappie is die Graad 4-kinders uitgenooi?

Op watter dag en hoe laat begin die uitstappie?

Wat moet die kinders saamneem?

Wat beteken "Insekte is In"?

Waar gaan die kinders voor die uitstappie byeenkom?



Ons skryf

Verbeel jou jy was op die uitstappie na die Groenvalleituin. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy jou besoek beskryf. Sê wat jy gesien het en wat jy gedoen het.





42

Wat ons op die skooluitstappie gedoen het

DATUM



Ons skryf

Verbeel jou jy het op die skooluitstappie wat in die vorige werkkaart beskryf word, gegaan. Skryf 'n brief aan 'n maat waarin jy hom of haar van die uitstappie vertel. Noem wat jy gesien het en wat jy gedoen het.

Skryf jou adres hier.

Skryf die datum hier.

Skryf 'n geskikte groet of aanhef.

Skryf jou slot hier.

Skryf jou naam hier.



Ons lees

Kyk na hierdie hulpwerkwoorde.

kan	moet	behoort	mag	wil	sal

Wat vertel hierdie hulpwerkwoorde ons?

Ons gebruik kan om vermoë aan te dui.

Ons gebruik mag om toestemming te vra.

Ons gebruik moet en behoort om nodigheid aan te dui.

Ons gebruik sal om bedoeling aan te dui.





Ons skryf

Vind en onderstreep die hulpwerkwoorde in hierdie sinne. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

NUWE WOORDE

Jy moet jou baaikostuum saambring as jy wil swem.

Die bus sal om 09:00 van die skool af vertrek.

Jy moet jou eie middagete bring.

Jy moet elke dag jou huiswerk doen.

Ek sal môre sokker speel.

Jy moet nie rook nie.

Ek kan nie vandag speel nie. Ek moet vir my toets leer.

Mag ek vandag vroeg huis toe gaan?

Hy kan baie goed sokker speel.

Ek moet tandarts toe gaan omdat ek tandpyn het.



Voltooi nou hierdie sinne.

Jy moet nie
Ek sal
Jy behoort
Ek moet
Ek kan
Mag ek

Onderwyser:

Teken:

Datum:

43 Hoe lyk insekte?

DATUM _____



Ons lees

Lees die gedig hardop vir 'n maat.
Onderstreep dan die woorde wat rym.

Insekte se lyfies bestaan uit drie dele
Al drie saam vorm 'n volmaakte een
'n Kop, 'n borskas en 'n maag
Kom kyk gerus, ek wys jou graag!

Die kop se monddele is goed ontwerp
Met selfs 'n saamgestelde oog!
Daar is twee voelers maar geen oor
Vir voel en ruik en om te hoor.

Ses pote heg aan die borskas vas
Dit is drie pare altesaam
En soms is vlerke ook 'n deel daarvan
Vir vlieg of kruip waar hul wil gaan

Die maag is die volgende liggaamsdeel
Dit is waar sy kos verteer
Dis belangrik dat die goggas sommer gou
Al die kos verteer wat hulle kou.



Ons doen

Gebruik die gekleurde woorde in die gedig hierbo om die insek te benoem.



Ons skryf

Waar is hierdie diere? Gebruik die volgende woorde en skryf 'n sin om te sê waar elke dier is.

op | langs | agter | onder | voor







❶

❷

❸

❹

❺

NUWE WOORDE





Werk met woorde

Lees die woorde hardop en luister na die klanke. Gebruik 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

Die kappie ^ word gebruik om 'n lang, uitgerekte klank te vorm:		
blêr	sê	trôe
wîe	affêre	bêre
wêreld	brûe	nêrens

Die deelteken word gebruik waar twee of meer vokale langs mekaar staan, maar tot verskillende lettergrepe behoort.	
geëet	beëdig
beïnvloed	breër
ingeënt	vermoë

Ons skryf

Kyk nou na die prentjies. Hulle sal jou help om die ontbrekende woorde in hierdie storie in te vul. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Ek het  huis toe gegaan en die  _____ toegemaak.

Ek het die  _____ geneem en die  _____ natgegooi.

Daar was 'n paar klein  _____ wat _____ gevreet het.

Daar was ook 'n  _____ onder die struik.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

44 Vlinders fladder verby

DATUM

Maak jou eie vlinder-bewertjie.

Ons doen

Wat jy benodig

- strikdassie-pasta
- gekleurde merkpenne
- 7 draaiknopers (van sakkies gesnyde brood of toebroodjiesakkies)
- karton
- tou
- gom
- kleefband
- [illegible]



1. Gebruik die gekleurde merkers om sewe stukke van die strikdassie-pasta te versier.



2. Draai 'n draaiknoper om elke pasta-strikdassie. Draai dan die punte saam om voelers te maak.

3. Knip twee identiese vlinder-vorms uit die karton.



4. Plak twee stukke tou aan die kop van 1 van die kartonvlinders vas om voelers te vorm.



5. Versier albei vlinders.



6. Gebruik die kleefband en plak die punt van 'n stuk tou aan die vlerke van die een kartonvlinder.



7. Sny stukke tou van verskillende lengtes. Bind elke stuk tou aan die basis van elke pasta-vlinder se voelers vas. Bind die ander punt aan 'n hanger vas.

8. Plak die agterkante van die twee kartonvlinders aan mekaar vas om die punte van die tou en die kleefband te bedek. Bind die ander punt van die tou ook aan die hanger of houtplanke vas.



Ons skryf

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
As jy nie seker is wat die antwoorde is nie,
gaan terug en lees weer die instruksies.

NUWE WOORDE

Watter soort teks is die paragraaf hierbo oor hoe om 'n vlinder-bewertjie te maak?	
A	'n Resep
B	'n Aanwysingsteks
C	'n Dialoog
D	'n Storie

Waarom het die persoon wat die instruksies geskryf het, strikdassie-pasta gekies om die bewertjie te maak?	
A	Die pasta kan maklik gesny word.
B	Die pasta kan maklik aan mekaar vasgeplak word.
C	Die pasta het die vorm van 'n vlinder.
D	Die pasta is kleurvol soos 'n vlinder.

Waarvoor gebruik insekte hul antennes?	
A	Om kos te berg
B	Om te voel, te hoor en te ruik.
C	Om te vlieg
D	Om kos te verteer

Die skrywer se instruksie is "Plak die agterkante van die twee kartonvlinders op mekaar om die punte van die tou en die kleefband te bedek." Wat beteken die woord "bedek" hier?	
A	Om weg te steek
B	Om warm te hou
C	Om styf vas te maak
D	Om oor te smeer

Wat moet jy doen nadat jy die draaiknopers gedraai het om die voelers te maak?





Onderwyser:
Teken:
Datum:

45 Koop 'n rugsak

DATUM







Ons lees

Alle kinders benodig 'n

HOU-DIT-ALS-

rugsak

Gaan jy op 'n skooluitstappie?

Gebruik die rugsak wat spesiaal vir kinders gemaak is!

Dra jou goed veilig en in styl rond.

Gemaak van skeurbestande poliëster, nylon en seil – hierdie rugsak is gemaak om te hou.

Hou jou boeke, penne, toebroodjies, ens. georganiseerd en versteek in die **HOU-DIT-ALS**. Dit het versteekte sakkies en spesiale kompartemente om jou selfoon en geld veilig te hou.

Zipper-slotte hou items so veilig soos in 'n bank. Dit het groot wiele, sodat jy nie die sak op jou rug hoef te dra nie.

Pryse wissel van R70 tot R100.

Beskikbaar by 'n winkel naby jou.

Almal wil 'n **HOU-DIT-ALS-** rugsak hê – kry dus joune voordat dit te laat is!

Ons skryf

Omkring die letter langs die korrekte antwoord. As jy nie seker is wat die antwoorde is nie, gaan terug en lees weer die advertensie.

NUWE WOORDE

Watter produk word geadverteer?	
A	Selfoon
B	Rugsak
C	Toebroodjiehouer
D	Penne

Watter van die volgende word NIE in die advertensie genoem nie?	
A	Dit het wiele.
B	Dit het verborge sakkies.
C	Dit is uit 'n sterk materiaal gemaak.
D	Dit is kleurvol.

Op wie is die advertensie gerig?	
A	Bejaardes
B	Skoolkinders
C	Tieners
D	Moeders

Wat beteken "kry joune voordat dit te laat is?"	
A	Hulle kan vinnig uitverkoop.
B	Hulle is baie goedkoop.
C	Almal moet een hê.
D	Jy moet een kry voordat die skool begin.



In die advertensie word 'n hele paar spesiale dinge oor die rugsak gesê. Skryf 5 van die goed neer wat in die advertensie genoem word om mense te oortuig om so 'n rugsak te koop.

Ons doen

Teken 'n prentjie en skryf 'n advertensie om iets te verkoop.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

46 Ons kry dit reg

DATUM _____







Ons skryf

Omkring die werkwoorde. Hulle is die aksiewoorde.

klok dink skryf hardloop swem

sokker

skop gras

seun nies neem

tand slaap

bestuur speel gegaan

glimlag

lees

hou spel

gaan reën

skyn







Ons skryf

Die geskakeerde woorde aan die linkerkant is in die teenwoordige tyd geskryf. Die geskakeerde woorde aan die regterkant is in die verlede tyd geskryf.

Teenwoordige tyd	Verlede tyd
Ek glimlag.	Ek het geglimlag.
Dit is koud.	Dit was koud.
Hy bestuur.	Hy het bestuur.
Ons word gestraf.	Ons is gestraf.

Kyk na die sinne hieronder. Is die aksie in die sin iets wat nou gebeur, of het dit in die verlede gebeur? Wanneer jy besluit het, vul die korrekte vorm van die werkwoord in om die sin te voltooi.

Die piekniek __was__ verlede Sondag.
Die wind _____ vandag.
Verlede week _____ dit _____.
Die son _____ nou.
Hulle _____ gister by die skool.





Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek neer te skryf.

Sommige klanke klink baie dieselfde, al word hulle anders gespel. So klink *y* en *ei* baie dieselfde; net soos *y* en *ui*.

Naamwoorde is die name van mense of dinge.
Byvoeglike naamwoorde vertel vir ons meer oor die mense en dinge.
Werkwoorde vertel vir ons watter aksie plaasvind of wat gedoen word.
Bywoorde vertel vir ons hoe dinge gedoen word.

verdwyn	geskei	verhuis	gebly
geskei	skyn	vuil	wyfie
ryk	gevry	reik	ruik

Dink aan bywoorde (wat beskryf hoe ons dinge doen) en byvoeglike naamwoorde (wat selfstandige naamwoorde beskryf) om hierdie sinne interessanter te maak. Ons het die eerste een vir jou gedoen.



Die seun het gehardloop.
Wanneer? *gister*
Hoe? *baie vinnig*
Waar? *om die atletiekbaan.*
Die seun het gister baie vinnig om die atletiekbaan gehardloop.



Die meisie het gespeel.
Wanneer?
Wat?
Waar?



Sy het gereis.
Wanneer?
Hoe?
Waar?



Hulle was gelukkig.
Wanneer?
Hoe?
Waar?

Onderwyser:
Teken:
Datum:

47

Ons skryf 'n resensie oor twee boeke

DATUM

Ons skryf

Hoeveel boeke het jy al gelees? Kan jy twee van hulle met mekaar vergelyk? Skryf 'n boekresensie om 2 boeke wat jy gelees het, met mekaar te vergelyk.



	Boek 1
Naam van boek	
Outeur	
Hoofkarakters	
Uitgewer	
Wat het in die storie gebeur?	

	Boek 2
Naam van boek	
Outeur	
Hoofkarakters	
Uitgewer	
Wat het in die storie gebeur?	

Ons skryf

Skryf die volgende sinne oor en begin met Gister.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

NUWE OORDE

gery | gekyk | gegaan | oorgesteek | geneem | gesien

Hy ry met sy fiets.
Gister
Ek sien die gebreekte glas.
Gister
Sy neem haar fiets.
Gister
Sy kyk na die pap band.
Gister
Ons steek die rivier oor.
Gister



Ons skryf

Vul een van hierdie woorde in: sy, hulle s'n, myne, syne, sy, ons s'n, hulle, haar of ons.

Thabo se fiets Dit is ..... fiets	Jim en Janet se boek Dit is	Anita se ouers se huis Dit is .....
Bongi se hond Dit is	Ek en my boetie se appels Dit is .... appels	Jou en Jabu se plan Dit is .....
Die leeuwyfie se stert Dit is .... stert	Die atletiekspan se naam Dit is ..... naam	My boek Dit is .....



Onderwyser:
Teken:
Datum:

48

Ons skryf 'n boek

DATUM



Ons skryf

Beplan om jou eie storie te skryf. Besluit waaroor jou storie sal handel.
Vul die geheuekaart hieronder in om vir jou storie 'n begin, 'n middel en 'n einde te gee.

My eie storie

Begin
Begin deur te sê wat aan die begin gebeur het.

Middel
Sê wat in die middel van die storie gebeur het.

Volgende
Sê wat volgende gebeur het.

Einde
Hoe het die storie geëindig?

Vul dan die volgende geheuekaart in.

Waaroor gaan jy skryf?

Wie is die karakters?

Wat is die agtergrond?
Waar speel die storie hom af?

Wat gebeur?

Hoe het die storie geëindig?
Wat was interessant van die storie?

Knip die volgende bladsy uit om 'n boek te maak.
Skryf die titel van jou boek op die omslag.
Skryf jou naam onder die titel, omdat jy die skrywer is.
Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.



VOORBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy as skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn

Stap 2: Vou op die stippellyn

Stap 3: Kram aan hierdie kant

AGTERBLAD



OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom



Waar jy bly

8

Stap 4: Sny op die vaste lyn nadat jy die boek vasgekram het



Gaan hier voort met jou storie.

Teken 'n prentjie hier.

5



Skryf die middel van jou storie hier.

Teken 'n prentjie hier.

4

Teken 'n prentjie hier.



Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

6

Teken 'n prentjie hier.

Gaan hier voort met jou storie



3

Teken 'n prentjie hier.

Begin jou storie hier skryf.



2

Eindig jou storie hier.

7

Teken 'n prentjie hier.





Somervakansie

4



DATUM

49 Ons gaan see toe

Pumla se ouma bly by die see. Kyk na die kaart hieronder om te sien hoe 'n mens daar kom. Gesels oor die provinsies waardeur 'n mens moet reis en die dorpe waarby 'n mens verbyry.

Ons praat



Ons lees

Dit is die laaste dag van die skool. Môre gaan ons na Ouma toe vir die vakansie. Sy bly in 'n klein dorpie met die naam Strandfontein in Kaapstad saam met my oupa en 'n Labrador genaamd Luke. Ek, my ma en Aldo reis per trein soontoe. Dit neem 'n lang tyd om van Thohoyandou Kaapstad toe te reis. Ons moet eers per taxi Johannesburg toe reis. Daarna neem ons die trein. Die reis duur 'n hele dag en nag. Dit is baie opwindend! Ons het 'n kompartement vir ons drie bespreek en Ma het vir ons heerlike kos ingepak. Ons het elkeen ons eie tas. Ek het gelukkig my swembroek, 'n hoed, sonbrandroom en my gunstelingboek oor haaie onthou.

Ons skryf

NUWE WOORDE

Lees die storie en skryf die antwoord neer.

Wat is die naam van die jong meisie wat vir die vakansie by haar ouma gaan kuier?

Sy reis Strandfontein toe per:	
A	trein
B	bus
C	motor
D	taxi

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.	
a	Dit is die eerste dag van die vakansie.
b	Dit is die laaste skooldag.
c	Sy woon in Mpumalanga.
d	Sy woon in Limpopo.



Strandfontein is in die	
A	Wes-Kaap
B	Oos-Kaap
C	Noord-Kaap
D	KwaZulu-Natal



Wat het haar ma haar geleer om te doen as 'n mens buite in die son is? Skryf jou antwoord neer.

Ons skryf

Kies die woorde regs wat by die woorde links pas.

reis	opwindend
kompartement	heerlik
spannend	kajuit
geurig	uitstappie



Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

50 Ons maak reg om by ons ouma te gaan kuier





Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van hierdie woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

gelag	gereis	ingepak	gehardloop	geswem
gery	gewaai	gehelp	gewoon	gebly







Ons skryf

Vul die korrekte woorde in die spasies in.

vinnig stadig binnekort netjies helder

Ma roep ons om vir skool gereed te maak, want ons gaan _____ ry.

Dit het gevoel of die dag baie _____ verbygaan, omdat ons so opgewonde was.

Ons het ons klere _____ in ons tasse gepak.

Die son het _____ in die blou lug geskyn toe ons met vakansie vertrek.

Ek en Pumla het _____ van die skool af huis toe gehardloop.



Ons skryf

Skryf teenoorgesteldes vir elk van die rooi woorde in die sinne.

Dit was 'n warm dag en die helder son het in die lug geskyn.

_____

My klein boetie was bly omdat ons met vakansie gaan.

_____

My tas was lig, maar my broer s'n was swaar.

_____

Die stadige taxi het 'n lang tyd geneem om Johannesburg toe te ry.

_____





Ons skryf

Omkring die woorde wat in die verlede tyd geskryf is.

lag

geloop

geëet

opgestaan

gaan

geloop

speel

bestuur

glimlag

geslaap

NUWE WOORDE



Vir die pret

Skryf 'n poskaart aan jou ouma. Vertel haar hoe opgewonde jy is om haar, oupa en Luke weer te sien, die dag en tyd waarop jy by haar huis gaan aankom en vir hoe lank jy gaan bly.
Moenie vergeet om haar naam en adres op die poskaart te skryf nie.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

51 Die treinreis

DATUM



Ons praat

Ons lees

Lees die gedeelte hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



Ons het uiteindelik by die Johannesburg-stasie aangekom. Die taxi-rit het baie lank geduur en die taxi was baie vol. Ma het 'n kaartjie op 'n spesiale trein, genaamd die Shosholoza Meyl, bespreek. Ons het toeristeklas gereis, wat beteken dat die kompartemente stapelbeddens en 'n toilet en stort aan die einde van elke treinwa het.

Ons het ons wa gevind. Dit was heel aan die einde van die trein. Vusi en ek wou albei op die boonste bed slaap. Dit was nie 'n probleem nie, omdat daar twee boonste beddens was.

Dit was Sondag en die trein was volgepak. Dit was 12:15 – en die trein het om 12:30 Vertrek. Die reis gaan twee dae lank neem en ons gaan deur Gauteng, die Noord-Kaap en die Wes-Kaap ry.

Wanneer ons Tafelberg sien, sal ons weet ons is in Kaapstad en naby Ouma!



Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan elke vraag.

NUWE WOORDE

Wat was die naam van die trein waarop hulle gereis het?

Waar wou Pumla en Vusi slaap?

Hoe lank moes hulle wag totdat die trein die stasie verlaat het?

Deur watter provinsies het hulle gereis?

Hoe sal hulle weet wanneer hulle in Kaapstad is?



Ons skryf

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

bespreek	iemand met vakansie
toeris	beddens bo-op mekaar
stapelbeddens	baie vol
volgepak	van iewers af ry
vertrek	'n kaartjie gekoop



Ons skryf

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan 5 woorde en gebruik dit om sinne in jou oefeningboek te skryf.

gery
gespuit
gelui
gelei
myne
luister
ruite
fluit

Onderwyser:
Teken:
Datum:

52 Op pad Kaapstad toe

DATUM





Ons skryf

Gebruik moet of kan om die sinne hieronder te voltooi.

Dit is baie laat. Jy _____ nou gaan slaap.

Die trein _____ in Worcester stop sodat passasiers kan afklim.

Die trein is tien minute laat. Dit _____ 'n probleem veroorsaak.

_____ ons per trein Kaapstad toe reis? Dit klink baie opwindend.

Jy _____ vroeg opstaan sodat ons betyds by die stasie sal wees.



Ons skryf

Jy het 'n maat beloof dat jy vir haar 'n SMS sal stuur wanneer julle uit Johannesburg vertrek. Vertel vir haar in jou SMS hoe laat julle in Johannesburg aangekom het, hoe jy voel en hoe jou kompartement lyk. Sê ook wanneer jy weer sal skryf.







Ons skryf

Breek die volgende woorde in lettergrepe op.

blikkie	blik-kie	Vrydag	
wonder		skooldag	
treinrit		arriveer	
skatkis		veroorsaak	







Vir die pret

Kyk na die tydrooster van Johannesburg na Kaapstad en beantwoord die vrae.



Reisdae	Woensdag / Vrydag / Sondag	
Stasie	Aankoms	Vertrek
Johannesburg		12:30 dag 1
Krugersdorp	13:09 dag 1	13:14 dag 1
Potchefstroom	15:16 dag 1	15:29 dag 1
Kimberley	20:54 dag 1	21:10 dag 1
De Aar	01:18 dag 2	01:35 dag 2
Beaufort-Wes	06:27 dag 2	06:47 dag 2
Laingsburg	09:05 dag 2	09:15 dag 2
Matjiesfontein	09:38 dag 2	09:43 dag 2
Worcester	11:50 dag 2	12:05 dag 2
Wellington	13:50 dag 2	13:54 dag 2
Kaapstad	15:30 dag 2	

Hoe laat vertrek die trein uit Johannesburg?

_____

Waarheen gaan die trein?

_____

Hoe lank neem die reis Kaapstad toe?

_____

In watter provinsies is die volgende?

Krugersdorp

_____

Kimberley

_____

Worcester

_____

Kan jy 09:43 op 'n ander manier skryf?

_____





53

Ouma se huis

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Tuisgekweek

Een tamatie, twee tamaties
Drie tamaties, vier
In my ouma se tuin is daar
sommer nog baie, baie meer.

Groen en geel soetrissies
en 'n klompie in rooi.
Uie en knoffel groei langs mekaar
ai, dit lyk so mooi!

Basilie en oreganum, nuwe blare elke week
Ouma sê dis regtig een groot fees
Om haar eie spaghettisous
In haar groentetuin te kweek.







Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om met 'n punt te eindig.

NUWE WOORDE



Omkring die letter langs die korrekte antwoord.	
Waaroor handel hierdie gedig veral?	
A	hoe om spaghettisous te maak
B	hoe om te leer tuinmaak
C	hoe om bestanddele vir spaghettisous te kweek
D	hoe om te leer tel



Hoe dikwels plant sy haar plante?
Watter woorde wys vir jou dat sy dit maklik vind om groente te kweek?
Hou jy van groente? Wat is jou gunstelinggroente?
Watter groente sou jy geplant het as jy 'n groentetuin gehad het? Sê waarom.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan 6 woorde en skryf sinne daarmee in jou oefeningboek neer.



higiëne

mosaïek

geleë

feë

ruïne

tatoeëer

moeë

reünie

geëmigreer

Onderwyser:

Teken:

Datum:

54 Meer oor groente

DATUM

Voorbeeld

Ek het **goed** geslaap op die trein.
Ek het **sleg** geslaap op die trein.

Ons skryf

Skryf die teenoorgestelde van die vetgedrukte woorde neer.

Groentesop is baie **gesond**.	Groentesop is baie _____.
Die trein het baie **vinnig** gery.	Die trein het baie _____ gery.
Dit is baie **warm** in Kaapstad.	Dit is baie _____ in Kaapstad.
Baie mense kom met vakansie Kaapstad toe.	_____ mense kom met vakansie Kaapstad toe.



Ons skryf

Omkring die werkwoorde. Dit is die aksiewoorde.
Onderstreep die selfstandige naamwoorde. Dit is die noemwoorde.

swem	kool	wortels	pluk	plant
geniet	strand	strandhuis	son	sand
water	rissies	uie	knoffel	kweek

Dinge wat in my ouma se tuin groei



Vir die pret

Besluit waar jy hierdie groente in jou ouma se tuin gaan plant en teken die groente in die bedding.

NUWE WOORDE

Brokkoli

Lig: gedeeltelike skadu

Grondtipe: goed gedreineer

Water: hou klam

Tamaties

Lig: volle son

Grondtipe: goed gedreineerde, bedekte grond

Water: hou klam

Ertjies

Lig: halfskadu

Grondtipe: goed omgespitte, waterbehoudende grond

Water: hou klam

Onderwyser:

Teken:

Datum:

55

Ons gaan strand toe

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Die strand by Strandfontein is pragtig. Die sagte, wit sand strek so ver as wat die oog kan sien. Vroeg soggens, na 'n koppie Milo, loop Ouma saam met my en Luke af strand toe. Dit is gewoonlik laaggety en die golfies is klein. Die see is nogal koud en dit neem 'n rukkie voordat ons in die water kan ingaan. Die see kan ook gevaarlik wees wanneer dit hooggety is. Die golwe is enorm en kan jou omslaan as jy nie versigtig is nie. Jy moet ook let op die seestrome wat jou in die see kan intrek. Ouma sê dit is belangrik dat ons net tussen die vlaggies swem, sodat die lewensredder kan seker maak dat ons veilig is. Ons swem nooit snags nie, omdat dit dan nie veilig is nie.



Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om met 'n punt te eindig.

NUWE WOORDE

Wanneer gaan Pumla, haar broer, Luke en haar ouma stap?

Wat gebeur met die water wanneer dit laaggety is?

Wat gebeur tydens hooggety?

Waarom moet mense tussen die vlaggies swem?

Lewensredders maak seker dat mense veilig in die water is. Watter gevaarlike wesens vind 'n mens in die see?

Merk die regte antwoord.

Wat beteken die frase "so ver as wat die oog kan sien"?

A sien baie sand in die verte

B sien baie ver

C kan slegs met een oog sien







Ons skryf

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

strek	getye
belangrik	versigtig
enorm	reik ver
oplettend	noodsaaklik
seestrome	massief



Werk met woorde

Lees die woorde en kyk na hoe die koppelteken gebruik word.
Kies dan 5 woorde en skryf sinne daarmee in jou oefeningboek.

see-eend	bo-op	50c-stuk	so-so
A-span	na-aap	.22-rewolwer	kiwi-eier
wa-as	e-posboodskap	V-halsbloes	studente-unie



Onderwyser:
Teken:
Datum:

56 Speel in die golwe

DATUM



Ons doen

Doen 'n rolspel van Pumla, haar broer en Luke (die hond) wat saam met hulle ouma gaan stap. Rolspeel waar hulle die lewensredder vra of hulle mag swem, en waar hulle mag swem. Rolspeel nou waar hulle in die see inhardloop en in die golwe inspring. Spring so hoog soos wat jy kan, met jou arms hoog op, duik onder die golwe in en kom dan weer boontoe. Wys in jou rolspel hoe bly jy is om in die see te wees.

Naamwoorde is noemwoorde; hulle vertel vir jou die name van mense of dinge.

Byvoeglike naamwoorde beskryf naamwoorde; hulle vertel ons meer oor naamwoorde en oor hoe die mense of dinge lyk.



Ons skryf

In elke sin, onderstreep die naamwoord(e) en omkring die byvoeglike naamwoorde.

Die see was 'n helder, blou kleur.

Pumla en Aldo het 'n lang, vinnige wandeling saam met hul ouma geneem.

Dit was 'n pragtige, maar winderige dag.

Pumla het 'n helderrooi swembroek gedra.

Ouma het onder haar groot blou-en-wit sambreel gesit.



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die verlede tyd oor. Begin elke sin met **gister**.

Sy dryf in die see.

Gister

Ons vra die lewensredder om ons te help.

Gister

Ons spring op en af in die golwe.

Gister

Ons loop vroeg soggens strand toe.

Gister



Ons skryf

Kyk na hierdie teken wat vir jou die name van die getye gee asook wanneer die son opkom en ondergaan. Skryf 'n poskaart aan 'n maat waarin jy vir haar vertel watter inligting op die teken is en waarom jy dink dit belangrik is dat mense by die see die inligting op sulke borde lees. Moenie vergeet om jou maat se naam en adres op die poskaart te skryf nie.

Getytabel: Strandfontein

	18 Oktober
Hoog	03:30 en 17:20
Laag	08:15 en 21:09
Sonopkoms	06:35
Sonsondergang	09:20





Vir die pret

Kyk na hierdie tekens wat op die strand in Strandfontein is. Trek 'n streep van die tekens na die regte sinne.



Geen honde toegelaat nie.

Jy mag nie op die strand vuurmaak nie.

Geen motorbote naby hierdie strand toegelaat nie.

Jy mag nie snags op die strand kampeer of slaap nie.

Jy mag nie hier swem nie.







Onderwyser:

Teken:

Datum:

57

Ouma se slaaptydstorie

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons lees



Lank gelede het 'n gesin in 'n klein dorpie gewoon. Die pa, Mabassa, was 'n uitstekende houtsnyer. Hy het beelde van die diere wat op hulle grond rondloop, uit hout gesny.



Elke aand raak die kinders rusteloos. "Mamma," roep hulle na Siphiwe, "dit is donker en ons kan nie buite gaan speel nie. Wat kan ons doen?"

Siphiwe besluit om stories te gaan soek wat sy vir die kinders kan vertel. Die volgende oggend begin sy stap. Sy kyk oral rond en sien uiteindelik Inkwazi die visarend in die see in duik.



"Inkwazi, wag!" roep sy.

Inkwazi hou op vlieg en krys: "Wat wil jy hê?"

"Stories!" sê Siphiwe. "

Vra vir Ufudu!" sê Inkwazi. "Net hy kan jou help."



Siphiwe hardloop vinnig na die strand toe, en daar sien sy vir Ufudu die seeskilpad. "Kan jy my help?" vra sy, en 'n oomblik later duik Ufudu met Siphiwe af na die seebodem toe.

Tot haar verbasing vind Siphiwe dat sy kan asemhaal. Ufudu neem haar na die seemense toe, wat op stukke koraal rondsit. Sy buig skamerig voor die koning en koningin van die seemense. "Kan u vir my stories gee?" vra sy nederig.

"Ja," sê die koningin, "maar in ruil daarvoor moet jy vir ons wys hoe die wêreld bo die see lyk."

Siphiwe stem in. "Neem my asseblief weer huis toe," sê sy saggies vir die seeskilpad.

Toe sy by die huis kom, neem Siphiwe een van haar man se pragtige houtsneewerke, een van elke landwese en keer op Ufudu se rug terug na die seebodem toe.

Die koning en koningin is baie bly toe hulle die houtbeelde sien. "Nou mag jy dit kry." Hulle gee vir haar 'n gepoleerde skulp. "Druk hierdie skulp teen jou oor wanneer jy stories wil hoor," verduidelik hulle.

Baie gelukkig keer Siphiwe terug huis toe. Daardie aand, toe haar kinders weer stories wou hoor, sit sy die skulp teen haar oor. Die kinders raak al hoe stiller terwyl hulle ma vir hulle 'n storie begin vertel. Daarná het hulle nooit weer tydens die lang nagte rusteloos geraak nie.

Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om met 'n punt te eindig.

Wat was Mabassa se werk?

Waarom het Siphiwe stories gaan soek?

Die seekoning en -koningin het vir Siphiwe stories gegee. Wat moes Siphiwe vir die koning en koningin doen?

Verduidelik hoe Siphiwe baie verskillende stories gehoor het.

Die gepoleerde skulp wat die koning en koningin vir Siphiwe gegee het, was 'n skilpadskulp. Het jy al ooit 'n skilpadskulp teen jou oor gehou? Wat het jy gehoor?



Ons skryf

Trek 'n streep tussen die woorde links en die betekenisse regs.

uitstekende	geïrriteerd, weet nie wat om te doen nie
rusteloos	beweeg vinnig ondertoe
duik	gegil, baie harde geluid gemaak
geskree	pragtige blomme onder in die see
koraal	baie goeie

Werk met woorde

Lees die woorde en kyk na hoe die kappie, deelteken en koppelteken gebruik word. Gebruik dan 5 woorde om sinne in jou oefeningboek te skryf.

blêr-blêr	staan-staan	verleë	lêer
R200-prys	radio-ontvangs	vroeë	na-uurs
blaf-blaf	hoë	kooperasie	studie-eenheid

Onderwyser:

Teken:

Datum:

58 Vertel 'n storie

DATUM



Ons doen

Wat is jou gunstelingstorie? Vertel dit vir die klas. Maak seker dat jy stadig en duidelik praat, sodat die mense jou kan hoor en jou storie kan verstaan.



Ons skryf

Is die sin 'n stelling of 'n opdrag?

Ons gaan strand toe voordat die son opkom.	stelling	opdrag
Gaan nou see toe!	stelling	opdrag
Vertel vir ons asseblief 'n storie.	stelling	opdrag
Vertel dadelik vir ons 'n storie!	stelling	opdrag

Luke, die hond, is soms baie stout. Dink drie opdragte uit om vir hom maniere te leer. Skryf die bevele in die raampies. Moenie vergeet om uitroeptekens te gebruik nie.





Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor deur met **Môre** te begin.



Ek leer honde om my te gehoorsaam.

Môre

Ek bied die klasse in die gemeenskapsaal aan.

Môre

Die honde is baie gehoorsaam.

Môre

Ons geniet die uitstappie.

Môre





Vir die pret

Jy het vir Luke drie opdragte geleer. Jy besluit om gehoorsaamheidsklasse vir ander honde in Strandfontein aan te bied. Maak 'n plakkaat waarin jy jou klasse adverteer. Sluit die volgende inligting op jou plakkaat in.



SOET HOND!

BRING JOU SPESIALE HONDEVRIEND NA ONS HONDE-GEHOORSAAMHEIDSKLASSE.

WAAR _____

WANNEER _____

TYD _____

PRYS: 'n POOTVOL GEHOORSAAMHEID



59

Ons besoek die Twee Oseane-Akwarium

DATUM

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons praat



Kyk na die kaart en kyk of jy Kaappunt kan vind.
Watter twee oseane kom by hierdie punt byeen?

Ons lees

DIE TWEE OSEANE-AKWARIUM

STAAN VERSTOM VOOR DIE WONDERLIKSTE TONEEL VAN 'N LEEFTYD!

ERVAAR 'N SPROKIESVERHAAL-ONDERWATERWONDERLAND.

VISSE VAN ALLE VORMS EN GROOTTES, KLEURE EN SKAKERINGS

EN VEEL MEER!

KOM SIEN DIE MAGTIGE SUPERWITHAAI – DIE GROOTSTE BEDREIGDE SPESIE.

OOP ELKE DAG VAN 07:30 TOT 17:00

KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE DEUR

HOU GAPERMOSSELS, MOSSELS, JELLIEVISSE EN ANDER SKUBBERIGE DIERTJIES VAS.

SIEN HOE DIE SPELERIGE PIKKEWYNE MET HUL DEFTIGE SWART PAKKE HEEN EN WEER MARSJEER.

Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om met 'n punt te eindig.

NUWE WOORDE

Waarom word die akwarium die Twee Oseane-akwarium genoem?

Wat kan jy in 'n akwarium sien?

Waarom word die akwarium 'n onderwater-wonderland genoem?

Wanneer kan jy die akwarium besoek?

Sou jy graag wil help om die visse te voer? Sê waarom.

Jy wil graag saam met jou ouma akwarium toe gaan, maar sy was nog nooit daar nie en jy benodig meer inligting. Skryf twee vrae neer wat jy vir hulle moet vra voordat sy jou soontoe neem.



Ons skryf

Trek 'n streep tussen die woorde links en die betekenisse regs.

verstom	sprokiesland
wonderland	sien
skakerings	loop gevaar om uit te sterf
kyk	kleure
bedreig	verwonder



Onderwyser:
Teken:
Datum:

60 Die grootwithaai

DATUM



Ons doen

Rolspeel wat Pumla, haar broer en haar ouma by die akwarium doen. Hulle sien verskillende soorte visse, kyk hoe die haaie gevoer word, luister na 'n praatjie oor haaie, raak aan die glibberige visse, sien die pikkewyne en geniet 'n smaaklike middagete in die kafee. Gebruik soveel byvoeglike naamwoorde moontlik wanneer jy die uitstappie beskryf.



Ons skryf

Lees die woorde en luister na die klanke.

mooier	witter	mooiste	witste
sterker	slimmer	sterkste	slimste
groener	makker	ligste	makste



Ons skryf

Lees die antwoorde op die vrae. Skryf dan die vrae neer. Onthou om 'n vraagwoord te gebruik om jou vrae mee te begin en om jou vrae met 'n vraagteken af te sluit.

wanneer | waar | waarom | wat | wie | hoe

Ons het Saterdag na die Twee Oseane-akwarium toe gegaan.

Ons het honderde verskillende soorte visse gesien.

Pumla en haar broer het saam met hulle ouma akwarium toe gegaan.

Hulle het per taxi na die akwarium toe gery.

Hulle het die akwarium verlaat toe dit toemaak.





Ons skryf

Verbeel jou jy is Pumla. Skryf 'n paragraaf oor die akwarium. Sê hoe opwindend dit was en hoe wonderlik dit was om al die visse te sien, veral die grootwithaai.

NUWE WOORDE



Ons skryf



Vir die pret

Ontwerp 'n plakkaat om 'n akwarium te adverteer. Jou plakkaat moet sê wanneer die akwarium oop is en hoeveel dit kos om in te gaan. Sê ook watter soorte visse besoekers daar kan sien.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

61

Tafelberg

DATUM

Kyk na die prentjies en gesels daaroor.

Ons praat







Het jy al gelees van Tafelberg, of was jy al daar?

Was jy al ooit in 'n kabelkarretjie? Indien wel, vertel hoe dit vir jou was. Indien nie, sê of jy graag in 'n kabelkarretjie wil ry en waarom.

Ons lees

Klas in die wolke

M Hobi

Op Dinsdag, 18 Oktober, het die Tafelberg-kabelspoor die 10de herdenking van sy gewilde program Klas in die Wolke gevier.

Klas in die Wolke is gerig op Suid-Afrikaanse skole wat hul leerders op 'n buitengewone onderwyservaring wil trakteer – bo-op Tafelberg.

Die berg troon 1 085 meter bo Kaapstad uit. Dit is dikwels met wolke bedek, wat die "tafeldoek" genoem word. Dit is ook hoe Tafelberg sy naam gekry het.

Die uitsig van bo-op die berg is uniek en daar is 11 **uitkykpunte** van waar jy die stad, die kuslyn, die oseaan, Robbeneiland en die Kaapse Skiereiland kan sien. Om bo-op die berg te kom, neem jy die kabelkarretjie, wat 'n **roterende** vloer het om seker te maak dat jy 'n 360-grade-uitsig het terwyl jy op en af ry.

Verskeie soorte **flora** en **fauna** kom ook bo-op Tafelberg voor, aangesien die plat bokant van die berg 600 miljoen jaar gelede gevorm is. Daar is meer as 1 400 verskillende soorte plante en die spookpadda word nêrens anders ter wêreld aangetref nie.

Tafelberg is een van die sewe natuurwonders.

Ons skryf

Beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om jou sinne met 'n punt te eindig.

NUWE WOORDE



Wat is die titel van hierdie artikel?

Waarom word die program Klas in die Wolke genoem?

Wie sal die program geniet?

Hoe het Tafelberg sy naam gekry?

Hoe kan jy tot bo-op die berg gaan?

Wat kan jy sien as jy bo-op die berg staan?

Weet jy wat die sewe wonders van die antieke wêreld is? Slaan die inligting in jou biblioteek na of vra jou onderwyser as jy nie weet nie. Skryf drie daarvan hier neer.

Ons skryf

Trek 'n streep tussen die woorde links en die betekenisse regs.

toring	plekke van waar 'n mens kan sien
uitkykpunte	plante
roterende	diere
flora	draaiende
fauna	baie hoog bo

Onderwyser:
Teken:
Datum:

62 Meer oor die berg

DATUM _____

Verbeel jou jy is een van die kinders wat 'n "Klas in die Wolke" bywoon.
Teken 'n prentjie van Tafelberg.

Ons doen

Ons skryf

Skryf elke sin oor en begin met **Gister**.

Ek, my ouma en Aldo besluit om Tafelberg toe te gaan.

Gister het ek, my ouma en Aldo _____

Ons sien baie verskillende plante en diere op Tafelberg.

Gister _____

Ons sien Robbeneiland.

Gister _____

Ons gaan met die kabelkarretjie met die berg op.

Gister _____

Dit voel of ons bo-op die wêreld staan.

Gister _____



Ons skryf

Hier is 'n vorm-gedig.
Skryf nou jou eie vorm-gedig in die vorm van 'n berg.

NUWE WOORDE

roomys
is pret
om te eet
ryk smaak
geniet deur
b a
i e
.





Vir die pret

Verbeel jou jy is Pumla. Skryf 'n poskaart aan jou maat waarin jy haar van jou reis na Kaapstad vertel.

Teken 'n prentjie voor op die poskaart.

Vertel haar agterop die poskaart dat jy die volgende dag huis toe kom, wat jy die meeste geniet het en hoeveel jy daarna uitsien om haar weer te sien.





Onderwyser:
Teken:
Datum:

63

Berei voor om 'n storie te skryf

DATUM

Watter stories lees jy graag? Vertel jou maat van watter storie jy die meeste hou. Is dit 'n sprokiesverhaal? Of miskien stories oor bekende mense? Hou jy van stories oor verskillende plekke? Of hou jy van stories oor regte dinge?

Ons praat









Ons skryf

Gebruik hierdie geheuekaart om jou storie te beplan.

NUWE WOORDE

Karakters

Waar die storie hom afgespeel het.

My storie oor

Wat het gebeur?

Hoe het die storie geëindig?

Onderwyser:

Teken:

Datum:

64

Ons skryf 'n storie

DATUM



Ons doen

Gesels met jou maat oor die storie waarvan jy die meeste gehou het. Gesels oor die karakters in die storie. Sê waarvan jy die meeste in die storie gehou het.

Het die storie vir jou inligting gegee?



Ons skryf

Beplan om jou eie storie te skryf.

Waaroor sal dit handel?

Wie gaan jou hoofkarakters wees?

Watter inligting gaan jy verskaf?



Vir die pret

Knip die volgende bladsy uit. Maak 'n boek. Skryf die titel van die boek op die omslag. Skryf jou naam onder die titel, omdat jy die outeur is. Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.

VOORBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy as skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn

Stap 2: Vou op die stippellyn

Stap 3: Kram aan hierdie kant

AGTERBLAD



OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom



Waar jy bly

8

Stap 4: Sny op die vaste lyn nadat jy die boek vasgekram het



Skryf die middel van jou storie hier.

Teken 'n prentjie hier.

4



Gaan hier voort met jou storie.

Teken 'n prentjie hier.

5

Teken 'n prentjie hier.



Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

6

Teken 'n prentjie hier.



Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken 'n prentjie hier.

Begin jou storie hier skryf.

2



Eindig jou storie hier.

7

Teken 'n prentjie hier.





Knip die legkaartstukkies uit en kyk hoe vinnig jy die legkaart weer aanmekaar kan sit.







Soentjies en drukkies

Vir my?

Gelukkige Valentynsdag

I ♥ U

Koel!



Mamma Moedersdag

Mamma

Liefde

Ma Mamma

Gelukkige moedersdag

Jy is die koelste!

Word gou



gesond!

Liefde

Veels geluk
met jou
verjaarsdag!



Moedersdag
Mamma
Liefde
Ma



glue here glue here glue here



Make a lettergram:

Cut out on the solid lines and fold on the dotted lines to make an envelope. Write your letter on the inside. Fold paste and post.



From:

Place postage stamp here.

To:

glue here

glue here

glue here

glue here





Bookmark

Cut out the bookmark. Write down the titles of the books you read. When you find words you do not know, write them on the back.

